

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

**REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
AAN DIE RAAD**

Woensdag 26 September 2018

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

Inhoudsopgawe

1.	Inleiding.....	4
2.	Verbreding van toegang.....	5
2.1	Inskrywings vir 2018.....	5
2.2	Institusionele besteding aan voorgraadse beurse en lenings.....	7
2.3	Fooiaanpassingstoelaag vir die ontbrekende middel	8
2.4	Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP)	8
2.5	SR-bemiddelde bystand aan studente wat finansiële uitdagings ondervind	8
2.6	Studentewerwing.....	8
2.7	Aansoeke vir inname van 2019	10
2.8	Implikasies van verdragings in NSFAS-finansiering.....	10
2.9	Hersiene model vir voorgraadse beurse en lenings vanaf 2019.....	10
2.10	Voorgraadse begrotingsvoorstel 2019-2022	11
2.11	Prof Sampie se beursnalatenskap.....	12
2.12	Gemengdeleer akademiese aanbod	12
2.13	Aanlyn kursusse	13
2.14	Toegang deur taal	13
2.15	Verbreding van toegang vir diegene met gestremdhede	13
2.16	US Museum verbreed toegang	14
2.17	Groter deelname aan sport vir ontspanning	14
3.	Behoud van momentum van uitnemendheid.....	15
3.1	NSTF-pryse	15
3.2	US maak skoonskip by prysuitdeling vir vrouewetenskaplikes.....	15
3.3	Eerbewyse vir US Botaniese Tuin.....	15
3.4	US Regskliniek as toonaangewende Afrikaregsfirma erken.....	15
3.5	Innovus blink uit.....	16
3.6	Biosensor toon belofte.....	16
3.7	100 navorsingstories vir die US se Eeufeesjaar.....	16
3.8	Diepleer by die US.....	16
3.9	Stellenbosse Internasionale Kamermusiekfees	17
3.10	Biblioteeknavorsingsweek	17
3.11	Ko-kurrikulêre programme	17
3.12	Kampusgesondheidsdiens.....	18
3.13	Uitnemendheid in sport.....	18
4.	Bevordering van sosiale impak	19
4.1	US se ekonomiese impak op Stellenbosch.....	19
4.2	Tygerberg word eerste rook- en tabakvrye kampus in SA.....	20
4.3	Telematiese skoleprojek	20
4.4	US Woordfees (insluitend US Koor en WOW-projek)	20
4.5	Impak deur boeke en lees.....	21
4.6	Entrepreneurs vir die toekoms	21
4.7	Mandelamaand	21
4.8	Impak van die Kampusgesondheidsdiens	22
4.9	Impak deur middel van sport.....	23
5.	Uitbreiding van internasionalsisasie.....	23
5.1	BRICS by die US	23
5.2	Die werwing van fondse en vriende oorsee.....	24
5.3	Internasionale samewerking.....	25
5.4	Kortkursusse.....	25
5.5	Maties Sport in die globale arena	26

6.	Bevordering van sistemiese transformasie.....	27
6.1	Diensbillikheid.....	27
6.2	Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG).....	27
6.3	Vrouemaand.....	28
6.4	Innoverende nuwe US-module bevorder diversiteit onder studente	28
6.5	Samewerking met Walter Sisulu Universiteit	28
6.6	Visuele regstelling	29
6.7	Kalender van strategiese skakeling.....	29
6.8	Verslagdoening oor transformasie.....	29
6.9	Werkessies oor transformasie.....	29
6.10	'Deadly Medicine'-uitstalling	30
6.11	Maties Sport.....	30
7.	Verbetering van sistemiese volhoubaarheid	30
7.1	Parlement wens US geluk met eeuwording.....	30
7.2	Nuwe visie en strategiese raamwerk vir die US.....	31
7.3	Begroting 2018 gewysig	31
7.4	Fakulteitvernuwingstrategie	32
7.5	US-maatskappye	32
7.6	STIAS-verslag.....	33
7.7	Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge.....	34
7.8	Bekamping van voedselonsekerheid op ons kampusse.....	36
7.9	Kortkursusse.....	37
7.10	Korporatiewe Kommunikasie.....	37
7.11	US in die nuus (eksterne kommunikasie).....	42
7.12	Sentrums, buro's en institute	43
7.13	Kampussekuriteit	44
7.14	Krisisdienste vir studente	44
7.15	Reaksie op die droogte	44
7.16	Herwinning en besparing	45
7.17	Nasionale Plan vir Naskoolse Onderwys en Opleiding.....	45
7.18	Beleggingstendense in naskoolse onderwys en opleiding in Suid-Afrika	46
7.19	Gesondheid en welwees onder personeel en studente	46
7.20	Senior aanstellings en bevorderings	46
8.	Uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek	46
8.1	US-teaterkompleks sal na Adam Small heet	46
8.1	Ingenieurswesekompleks.....	47
8.2	Biomediese Navorsingsfasiliteit- (BMNF-)projek.....	48
8.3	Sentralisering van verskeie dienste en aanlegkamers op Tygerbergkampus	49
8.4	Vernuwingsprojekte op Bellvilleparkkampus	49
8.5	Jongste nuus oor Jan Mouton Leersentrum	50
8.6	Maties Sport-fasiliteite.....	51
9.	Slot	51
	BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE	52
	Meningsartikels (18 Mei tot 27 Augustus 2018).....	52
	Rubrieke (18 Mei tot 27 Augustus 2018)	57

1. Inleiding

Dinsdag 24 Julie was 'n belangrike dag vir die Universiteit Stellenbosch (US). Dit was toe ons die instelling se [nuwe visie en strategiese raamwerk bekend gestel](#) het by 'n personeelbyeenkoms op ons hoofkampus, wat ook regstreeks na ander kampusse uitgesaai is. Die *US Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018* (IVS) en sy gepaardgaande *Visie 2030* het die afgelope vyf jaar as ons rigsnoer gedien, maar verstryk vanjaar. 'n Nuwe [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) is toe onder die bekwame leiding van prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisasie, saamgestel.

Hierdie nuwe roetekaart sal ons saam vorentoe neem noudat ons die US se tweede eeu betree. Dit getuig van ons verbintenis om relevant te wees vir ons konteks, en ons land en vasteland te dien – 'n inklusiewe wêreldklasuniversiteit *in* en *vir* Afrika. By die **Uitvoerende Beplanningsforum** op Franschoek van 25 tot 26 Julie het dekanes en verantwoordelike sentrum- (VS-)hoofde in die Rektooraat hulle topprioriteite, wat in ooreenstemming met die nuwe strategiese raamwerk geformuleer is, bekend gemaak en bely. Nou behoort alle omgewings oor die hele instelling die dokument hulle eie te maak deur dit verdere inhoud en betekenis te gee. Die laaste ding wat ons wil hê, is dat ons nuwe visie en strategiese raamwerk blote woorde op papier moet wees. Ons wil hê dit moet 'n werklike verskil maak – nie net vir ons nie, maar vir die samelewing in geheel.

U sal opmerk dat die verslag steeds die struktuur volg van die sewe institusionele strategieë wat uit ons bestaande *Institusionele Voorneme en Strategie* (IVS) spruit, en nog nie die struktuur van ons nuwe visie en strategiese raamwerk nie. Dit is omdat ons die **IVS nog tot aan die einde van die jaar** sal implementeer, hoewel ons beplanning vir aanstaande jaar reeds op ons nuwe raamwerk berus.

Ons gedenk natuurlik ook nog ons honderdjarige bestaan in 2018 en het reeds 'n hele aantal Eeufeesverwante geleenthede en inisiatiewe beleef. Die US se **Eeufees** val saam met wat voormalige president Nelson Mandela se 100^{ste} verjaardag sou gewees het, so ons het ook reeds vanjaar verskeie suksesvolle **Mandela**-inisiatiewe aangebied. So byvoorbeeld het personelede en studente op 27 Julie aan etlike [aktiwiteite ter viering van Mandeladag](#) deelgeneem. Dit is alles deur Matie Gemeenskapsdiens gekoördineer en het om gemeenskapsontwikkeling gedraai. Die deernis wat ons personeel en studente met hulle betrokkenheid by hierdie inisiatiewe aan die dag gelê het, sou wyle president Mandela trots gemaak het.

Ek is versigtig optimisties oor die nasionale hoërondewyskonteks, hoewel daar steeds uitdagings is.

Die nasionale finansiële hulpskema vir studente (**NSFAS**) gaan steeds onder probleme gebuk, maar ek is vol hoop dat dit uit die weg geruim sal word sodat begaafde studente nie weens finansiële behoefte uitgesluit word nie. Die aanstelling van dr Randall Carolissen as NSFAS-administrateur lewer reeds positiewe resultate op, soos die aanvang van aansoeke vir 2019 en die beplande ontplooiing van toegewyde NSFAS-amptenare by individuele hoërondewysinstellings. Op 'n meer negatiewe noot moet ons waaksaam bly te midde van die aandrag op die **nasionale regulering van studentegeld** uit sekere oorde. 'n Verskuiwing in daardie rigting sal die outonomie van universiteitsrade ernstig in gevaar stel.

Nóg 'n kommerwekkende aspek in ons sektor is die voortdurende voorvalle van **verkragting en ander vorme van geslagsgebaseerde geweld** by ons hoërondewysinstellings. Hierdie kwessie is op alle universiteitskampusse in die land op die voorgrond gebring gedurende Vrouemaand, wat met die nasionale #TotalShutdown-veldtog afgeskop het. Die Parlement maak ook erns met die saak, sowel direk as deur sy Portefeuljekomitee oor Hoër Onderwys en Opleiding.

Die US is 'n aktiewe deelnemer aan die Suid-Afrikaanse hoër onderwys (sien byvoorbeeld 7.17 en 7.18 hieronder) en is dus daartoe verbind om saam met ons eweknieë na oplossings vir die sektor se oënskynlik hardnekkige probleme te soek. Ons is ook op soek na innoverende, inklusiewe en toekomsgerigte maniere om die plaaslike tekens van nasionale en internasionale uitdagings die hoof

te bied – soos wat die vernuwingsstrategieë vir ons fakulteite Opvoedkunde sowel as Lettere en Sosiale Wetenskappe toon.

Ons [betreur ook die afsterwe van prof Bongani Mayosi](#), die 51-jarige A-gegradeerde wetenskaplike en dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van Kaapstad (UK). Sy tragiese dood beklemtoon die geweldige druk waaronder Suid-Afrikaanse akademici en bestuurders in ons sektor die afgelope paar jaar verkeer. Die afsterwe van hierdie toonbeeld van uitnemendheid is 'n reuseverlies vir sy familie, die akademie en die land. Sy heengaan laat ons opnuut besin oor depressie as 'n biologiese siekte met geestes- en fisiese simptome, sowel as oor hoe ons, as die verskillende belanghebbendes in die akademiese domein, met mekaar omgaan. Dit herinner ons aan die belang van respek, deernis, kollegialiteit en professionaliteit in ons verhoudings, ongeag ons verskille.

Onder ons vaste agenda-item vir omvattende jaarverslae deur lede van die Rektoraat ontvang **prof Hester Klopper** en **prof Stan du Plessis** hierdie keer geleentheid om terugvoering aan die Raad te bied. Daarom lig ek in my verslag net enkele ontwikkelings in die VS'e **Strategie en Internasionalisasie** asook **Bedryf en Finansies** uit. Raadpleeg gerus hulle verslae vir meer inligting.

Hierdie verslag handel oor die tydperk **18 Mei** (VS-sperdatum vir die vorige Raadsvergadering van 18 Junie) **tot 27 Augustus 2018** (sperdatum vir die vergadering van 26 September), met 'n paar uitsonderings om vir belangrike ontwikkelings buite hierdie tydperk (tot en met my sperdatum van **10 September**) voorsiening te maak. Ek verwelkom hierdie geleentheid om met kollegas in die Raad in gesprek te tree.

2. Verbreding van toegang


Die verbreding van toegang is een van drie oorhoofse strategiese prioriteite in die US se *Institusionele Voorneme en Strategie (IVS) 2013–2018*. Dit hou spesifiek verband met die eerste aspek van ons Visie 2030 – om meer inklusief te word. En in die US se *Institusionele Plan (IP) 2018–2023* word die verbreding van toegang verder uitgedruk as een van sewe institusionele strategieë. Daar word genoem dat ons dit nastreef deur, onder meer, die diversiteitsprofiel van ons personeel- en studentekorps te verhoog.

2.1 Inskrywings vir 2018

'n Oorsig van inskrywings by die US in 2018 volg hieronder op grond van die amptelike syfers wat die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur in Junie elke jaar uitreik ([klik hier vir die volledige verslag](#)):

2.1.1 Algehele inskrywings


Altesaam 31 765 studente het in 2018 by die US ingeskryf, van wie 20 168 voorgraadse, 10 506 nagraadse en 1 091 geleentheidstudente was. Dít word in figuur 1 hieronder uitgebeeld, wat ook die syfers en persentasies vir die vorige vier jaar toon.



Figuur 1: Algehele inskrywings, 2014–2018, sowel as verspreiding vir 2018

2.1.2 Inskrywings volgens bevolkingsgroep¹


Inskrywings deur bruin, swart, Indiër- en Asiërstudente het nou tot 13 182, of 41,5% van die totaal, gestyg. Terselfdertyd is die getal inskrywings deur wit studente laer op 18 447, of 58,1%. Vergeleke met 2017 het die getal bruin studente met 0,7% toegeneem, swart Afrikaanstudente met 5,9%, en Indiër-/Asiërstudente met 10,2%. Die getal wit studente het met 2,6% afgeneem.



Figuur 2: Getal inskrywings volgens bevolkingsgroep, 2014–2018, sowel as verspreiding vir 2018

2.1.3 Inskrywings volgens taalgroep

Die getal studente met Afrikaans as huistaal het afgeneem tot 12 000, of 37,8% van die totaal, en dié met Engels as huistaal het gestyg tot 15 176, of 47,8%. Studente met Afrikaans as huistaal het van 2017 tot 2018 met 3,3% afgeneem, terwyl studente met 'n amptelike Suid-Afrikaanse taal buiten Afrikaans of Engels as huistaal met 12,5% toegeneem het.



Figuur 3: Getal inskrywings volgens taal, 2014–2018, sowel as verspreiding vir 2018

2.1.4 Voorgraadse inskrywingstendense 2018

Die vernaamste inskrywingstendense vir die inname van 2018 kan soos volg saamgevat word ([klik hier vir die volledige verslag](#)):

- **Algehele inskrywingstendense:** Die getal voorwaardelik toegelate nuwelingeerstejaars (NE's) het van 2017 tot 2018 marginaal (0,4%) toegeneem, terwyl die getal werklike inskrywings met meer as 'n persentasiepunt (1,4%) afgeneem het. Dít het die

¹ Twee bykomende bevolkingskategorieë is gedurende 2017 bygevoeg, naamlik "Asiër" en "Ver kies om nie te sê nie". Vir verslagdoeningsdoeleindes is die Asiër- en Indiërstudente saamgegrepeer. Twaalf studente het in 2017 verkies om nie hulle bevolkingsgroep bekend te maak nie, en 136 in 2018.

inskrywingskoers van 2017 tot 2018 met 0,8 van 'n persentasiepunt laat daal, van 46,1% tot 45,3%.

- **Bevolkingsgroep-tendense:** Die inskrywingskoers vir NE's uit die swart Afrikaan- (28%) en Indiër-/ Asiërgroep (22%) was aansienlik laer as vir bruin (52%) en wit NE's (54%).
- **Huistaaltendense:** Die inskrywingskoers vir NE's met Afrikaans as huistaal ($\pm 60\%$) was aansienlik hoër as dié vir NE's met 'n ander huistaal as Afrikaans ($\pm 40\%$).
- **Tuisprovinsietendense:** Die inskrywingsyfers vir NE's van binne die Wes-Kaap (61%) was byna twee keer soveel as vir dié van buite die Wes-Kaap (33%).
- **Programkeuse:** Die inskrywingskoers vir NE's wat tot hulle eerstekeuseprogramme toegelaat is (56%), was bykans twee keer soveel as die inskrywingskoers vir NE's wat tot hulle tweede- (30%) of derdekeuseprogramme (26%) toegelaat is.
- **Aansoekpunt:** NE's met 'n aansoekpunt van 80% of hoër het van 2016 tot 2018 die sterkste groei in toelatings en inskrywings getoon, met 'n toename van 5% in inskrywings van 2017 tot 2018, en 22% van 2016 tot 2018.
- **Sosio-ekonomiese status:** Die inskrywingsyfers vir groepe met matige tot hoë sosio-ekonomiese benadeling was beduidend laer as vir groepe met geen of lae sosio-ekonomiese benadeling. Slegs 13% van ingeskrewe eerstejaars kom uit groepe met matige tot hoë sosio-ekonomiese benadeling.
- **US-sterkpunte:** Die Universiteit se akademiese reputasie was vir alle bevolkingsgroepe die vernaamste rede waarom hulle by die US ingeskryf het, en die beskouing dat die US stabiel en veilig is, was die tweede tot derde belangrikste rede.
- **Hindernisse vir toegang tot die US:** Twee groot hinderniskategorieë is geïdentifiseer, naamlik (i) onvoldoende finansiële steun, geen bekostigbare huisvesting naby die kampus nie, en vervoerkwessies; en (ii) Afrikaans, mediaberigte oor die US, en dat die voornemende student nie inpas by die US se kultuur nie.

2.2 Institusionele besteding aan voorgraadse beurse en lenings

Die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings probeer alle beskikbare bronne, sowel ekstern as intern, binne die vasgestelde kriteria toeken. Voorgraadse beurse en lenings word toegeken om:

- studente in nood toegang tot tersiêre studie te bied;
- uitnemendheid te bevorder;
- diversiteit te verbeter; en
- geskikte beurskandidate vir die verskillende arbeidsektore te identifiseer.

Institusionele besteding aan voorgraadse beurse en lenings tot dusver vanjaar is soos volg:

Beurstipe	Besteding in R'miljoen
Meriete	R31,18
Werwing	R46,91
Steunbeurse (finansiële nood)	R5,4
US-beurslenings (finansiële nood)	R3,9
Voorgraadse Noodfonds	R0,2
Sport	R8,74
Leierskap	R0
Ander US-beurse en -medaljes	R0,18
Totaal	* R97,33

Tabel 1: Besteding van institusionele begroting vir voorgraadse beurse en lenings vir 2018 – Julie

* Dit sluit alle ander interne en eksterne besteding aan voorgraadse beurse en lenings uit. Die institusionele begroting vir voorgraadse beurse en lenings word gebruik ter aanvulling van alle beskikbare interne bronne (bv. opbrengs op skenkingsfondse en donasies) en eksterne beurse (bv. statutêre finansiering, onder meer NSFAS-beurse, sowel as maatskappye, trusts, individuele skenkers, departementele beurse, ensovoorts). Algehele besteding van **sowel interne as eksterne bronne** bedra tot dusver **R220,3 miljoen**.

'n Inkrementele afname in die institusionele komponent van die huidige beurse-en-leningsbegroting is ingefaseer. Tog kon die Universiteit ander eksterne bronne, soos die nuwe DHOO- en ISFAP-beurse, optimaliseer as plaasvervangerfinansiering vir studente in finansiële nood met 'n bruto jaarlikse huishoudelike inkomste van R600 000 en minder.

Nietemin, indien die US alle aansoekers om finansiële bystand uit huishoudings met 'n bruto jaarlikse inkomste van R600 000 en minder in 2018 moes ondersteun, sou die instelling 'n bykomende R16,8 miljoen in eksterne finansiering nodig gehad het. 'n Meer toegespitste strategie word vereis om in die al hoe groter behoeftes van studente in die sogenaamde ontbrekende middel (d.w.s. diegene met 'n bruto huishoudelike inkomste van R350 000-R600 000 per jaar) te voorsien.

2.3 Fooiaanpassingstoelaag vir die ontbrekende middel

Die DHOO het teen die einde van 2017 aangekondig dat die fooiaanpassingstoelaag vir die “ontbrekende middel” in 2018 voortgesit sal word. Alle studente van gesinne met 'n bruto huishoudelike inkomste van tot en met R600 000 per jaar kom in aanmerking vir 'n fooiaanpassingstoelaag, tot 'n maksimum van 8% van hulle klas- en huisvestingsgeld. By die US het 184 nuwe studente om die toelaag aansoek gedoen en **143 aansoeke het geslaag**.

2.4 Ikusasa-finansiële hulpprogram vir studente (ISFAP)

Die US het in Mei en Junie die keuring en administrasie van **133 ISFAP-studente** in die fakulteite Ingenieurswese, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sowel as Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe afgehandel. Die volkostestudiebeurse vir US-studente bedra R19,2 miljoen.

Die aanvullendesteunprogram sowel as 'n versoek vir die finansiering daarvan is via die Universiteitsvermoëontwikkelingsprogram by DHOO ingedien. Die inhoud van die program én finansiering ter waarde van R1 558 900 is goedgekeur.

2.5 SR-bemiddelde bystand aan studente wat finansiële uitdagings ondervind

Die Studenteraad (SR) het syfers uitgereik wat die resultate toon van hulle vennootskap met die US se Kantoor vir Beurse en Lenings en ander strukture om studente gedurende die registrasietydperk vroeër vanjaar finansiël by te staan. Die SR se Register Almal-fonds het altesaam R177 514 uitbetaal. Volgens die syfers:

- is 16 studente (waaronder vyf van die buiteland) met hulle **eerste registrasiepaaiement** bygestaan; en
- het 59 studente met **historiese skuld** registrasiebystand ontvang van 'n werkgroep wat uit bogenoemde strukture sowel as die Nagraadse Kantoor bestaan het.

Daarbenewens:

- is 80 studente met **huisvesting** bygestaan; en
- het 100 studente **voedselsekerheidsbystand** ontvang, onder meer in die eksamentyd, in 'n gesamentlike projek van die SR, die vrouekoshuis Irene, Studentesake en die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling.

2.6 Studentewerwing

2.6.1 Werwing by skole en loopbaanskoue

Die strategiese klem van die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies was van Mei tot Julie op werwing in **aangewese skoolgemeenskappe**. Duisende leerders in graad 9, 11 en 12 is deur middel van formele aanbiedings by skole, inligtingsaande, loopbaanskoue en werksessies bereik, veral in die Wes-Kaap, Gauteng, die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en Limpopo. Verskeie kampusbesoeke het ook plaasgevind – hetsy deur individuele leerders, hulle families of skoolgroepe.

Die Sentrum en die fakulteite Natuurwetenskappe, Ingenieurswese sowel as Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe werk saam met iThemba LABS in Faure om leerders van die beskikbare geleentheid op die gebied van die wetenskap, ingenieurswese, tegnologie en wiskunde by die US bewus te maak. iThemba LABS koördineer tans 'n aanvullende onderrigprogram vir toppresterderleerders van Mfuleni, Khayelitsha en Philippi. Die Sentrum het ook aan die program vir Nasionale Wetenskapweek by iThemba LABS deelgeneem.

Voorts het die Sentrum gedurende konferensies, uitstallings en gemeenskapsprojekte met leerders, ouers, opvoeders en die publiek geskakel, en 'n aantal uitnodigings aanvaar om saam met skoordistrikte, radiostasies, nieregigeringsorganisasies, studenteverenigings en onderwyservakbonde na skole uit te reik.

Om 'n impak te hê op voornemende studente se volledige siklus van besluitneming oor hulle studieloopbane, skakel die Sentrum ook met daardie groepe wat leerders se besluite beïnvloed, soos ouers, portuurgroep, opvoeders, skoolhoofde en gemeenskapswerkers. 'n Hoogtepunt was 'n onderwysergeleentheid in die distrik Umlazi, KwaZulu-Natal, wat in samewerking met die fakulteite Natuurwetenskappe, Ingenieurswese en AgriWetenskappe aangebied is. Die geleentheid was 'n vertoonvenster vir die US as vennoot van die voorste skole in Durban en omgewing.

Verteenwoordigers van nege van ons fakulteite sowel as die Afdeling Studentetoegang het die US op 21 Augustus by 'n nasionale universiteitskou in Gauteng verteenwoordig. Ons het ook 'n US-inligtingsaand vir voorlopig aanvaarde studente en hul ouers in Johannesburg aangebied. Ek het die **gehoor van bykans 2 000** oor ons instelling se unieke pluspunte toegesprek.

Soortgelyke inisiatiewe is in die Oos-Kaap aangebied, waar die Sentrum 21 skole in die omgewing van Port Elizabeth en Uitenhage met 'n hoë konsentrasie akademiese presteerders besoek het. Die skoolbesoeke het promosie-, motivering- en leierskapsessies ingesluit, en inligtingsaande is ook vir ouers en onderwysers aangebied.

2.6.2 Loopbane@Maties

Die gebrek aan doeltreffende **loopbaanvoorligting** by skole lei dikwels tot oningeligte besluite, nie net oor vakkeuses in graad 9 nie, maar ook oor loopbane ná matriek. Die US se program Loopbane@Maties word deur 'n sielkundige van die Universiteit se werwingspan by skole gefasiliteer. Toppresterderleerders in graad 11 ondergaan psigometriese toetsing, wat insig bied in hulle persoonlikhede, belangstellings en aanleg. Die toetsuitslae word met die deelnemer sowel as sy/haar ouers of voogde bespreek. 'n Ontleding toon dat 'n groot persentasie van die leerders wat aan die toetse deelneem uiteindelik **wél by die US aansoek doen**. Sosiale media soos WhatsApp word ook gebruik om leerders met die elektroniese aansoekproses vir toelating, koshuisplasing en finansiële bystand te ondersteun.

2.6.3 Veldtogte op sosiale media

Die Sentrum vir Studentewerwing bly verbind daartoe om na innoverende maniere te soek om talent vir die US te werf. **Digitale platforms** soos Facebook, Twitter en Instagram word gebruik om die Universiteit te bevorder en belangrike inligting en datums aan die voornemendestudentemark oor te dra. Die Facebook-blad vir voornemende studente ([Future Maties](#)) het tans 20 570 volgelinge, 'n geraamde reikwydte (mense wat ons plasinge sien) van 77 893, en 'n skakelsyfer van 8 922.

Kort, insiggewende video's is duidelik die voorkeurmedium om die Universiteit te bevorder. Die gewildste werwingsvideogreep, [Why be a Matie?](#), is 19 000 keer gekyk. Op sy beurt bly die webtuiste vir voornemende studente ([www.maties.com](#)) die waardevolste hulpbron vir kommunikasie as deel van die werwingsproses. Dit het in die verslagtydperk 351 258 besoekers en 998 901 besigtigings ontvang.

Telethons is ook vir Julie beplan om werk te maak van onvolledige aansoeke deur akademies sterk kandidate én om beurse aan te bied, veral aan verdienstelike bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-aansoekers.

2.7 Aansoeke vir inname van 2019

Voorgraadse aansoeke vir die US-inname van 2019 het op 30 Junie 2018 gesluit. Hoewel die Toelatingskantoor nog dokumente nagaan en onvolledige aansoeke aanvul, kan die aanvanklike tendense soos volg saamgevat word:

- Oor die algemeen is 6% **minder** volledige aansoeke as in 2017 ontvang.
- Die getal aansoeke deur wit kandidate het **gedaal**. Volledige aansoeke is 14% minder as in 2016. Die universiteite van Pretoria, Vrystaat en die Witwatersrand meld soortgelyke tendense in die wit demografie aan.
- Die getal aansoeke deur bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërkandidate het **toegeneem**. Volledige aansoeke is 18% meer as in 2016.

2.8 Implikasies van verdragings in NSFAS-finansiering

Dr Naledi Pandor, Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, het die NSFAS-aansoekproses vir 2019 opgeskort totdat die skema sy agterstallige toekennings en uitbetalings vir 2017 en 2018 behoorlik afgehandel het. Hoewel dit lofwaardig is om administratiewe probleme uit te stryk, het daar 'n maand verlore gegaan teen die tyd wat die heropening van aansoeke aangekondig is.

Hierdie tipe verdragings het implikasies vir die hele sektor, ook vir die US. Ons Kantoor vir Voorgraadse Beurse en Lenings moniteer die situasie daaglik en besoek gereeld die NSFAS-hoofkantoor om onakkurate datastelle te help regstel. Die realiteit is egter dat gefinansierde studente steeds finansiële onsekerheid beleef.

'n Verdraging in NSFAS-uitbetalings hou onder meer die volgende risiko's in:

- Dit kan die administrasie van nuwe aansoeke na **universiteite se finansiëlebystandskantore** verskuif, wat personeelvermoë en IT-infrastruktuur onder erge druk sal plaas.
- Die finansiering van **ongefinansierde NSFAS-studente** (bestaandes én nuwes) deur middel van die US se oorbruggingsfasiliteite kan op meer as R580 miljoen te staan kom. 'n Geraamde 4 509 studente by die US sal na verwagting in 2019 vir NSFAS-beurse in aanmerking kom.
- Om die toekomstige volhoubaarheid van die **werwingsbeursprojek** te verseker in die lig van die jaarlikse besnoeiing van 10% in die institusionele toekenning, moet ten minste 240 werwingsbeurse jaarliks deur NSFAS-geld omgeskakel word. Indien dit nie kan gebeur nie, is hierdie beurse in gevaar.

2.9 Hersiene model vir voorgraadse beurse en lenings vanaf 2019

Die Senaat het by sy vergadering van 1 Junie 'n hersiene institusionele finansieringsmodel vir voorgraadse finansiële steun goedgekeur. Dit sal soos volg vanaf 2019 in werking gestel word:

- Die beginsel van **volkostefinansiering** sal op 'n kleiner groep studente toegepas word.
- Die bestaande **institusioneel gefinansierde** kategorieë word behou.
- Beurse en lenings (buiten DHOO-volkostebeurse vir arm studente) sal steeds op grond van **finansiële behoefte** toegeken word. Dit sal beperk word tot die minimum programduur, plus twee jaar.
- **Akademiese merietebeurse** vir voorgraadse studente sal meer konserwatief toegeken word. Eerstejaars met 'n graad 12-gemiddeld van 90% of hoër sal in aanmerking kom vir 'n korting van 40% op hulle basiese klaggeld. In plaas daarvan om senior merietebeurse op grond van

dieselfde vasgestelde gemiddelde punt vir alle akademiese jare in alle fakulteite toe te ken, sal hierdie beurse nou aan die beste 5% van studente in 'n fakulteit/program toegeken word, na gelang van die beskikbare begroting.

- Ons mikpunt is volkoste-werwingsbeurse vir bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërkandidate. Tog sal ons vir **2019** nog die status quo – d.w.s. **slegs onderrigkoste** – handhaaf terwyl werwingskriteria ontwikkel word. Dit sal sorg dat die volle impak van die nuwe DHOO- en Ikusasa- (ISFAP-)beursskemas verreken word en dat 'n nuwe strategie gevolg word om topstudente selektief met volkostebeurse te werf.
- **Sportbeurse** sal toegestaan word binne die beperkinge van 'n geleidelike afname in die toekenning uit die US-hoofbegroting.
- **Leierskapsbeurse** word geskrap, aangesien studenteleiers reeds 'n aansienlike honorarium ontvang.

Daarbenewens is daar aanbeveel dat eksterne finansiering aangewend behoort te word vir finansiële steun vir studente uit die “**ontbrekende middel**”-inkomstekategorie. 'n Behoefte is uitgewys om 'n geoutomatiseerde toekenningsmodel te ontwikkel om die vasgestelde kriteria verbonde aan skenker- en ander eksterne beursgeld met dié van institusionele en interne finansiering te integreer.

Die Sentrum vir Beurse en Lenings sal binnekort met 'n omvattende projek begin om die bedryfsprosesse wat daar gevolg word, te herskik.

2.10 Voorgraadse begrotingsvoorstel 2019-2022

Die voorgestelde voorgraadse beurse-en-leningsbegroting is op 8 Augustus aan die Komitee insake Beurse en Lenings (KBL) voorgelê. Die begroting vir institusionele bestedingskategorieë is opgestel deur eers die voorgraadse finansieringsbehoeftes vir 2019 te bepaal, met inagneming van alle beskikbare finansiering uit sowel interne as potensiële eksterne bronne. Die begroting strook met *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024*, sowel as die hersiene institusionele finansieringsmodel vir voorgraadse finansiële steun wat die Senaat op 1 Junie goedgekeur het. Die volgende tabel bied 'n samevatting van die jaarlikse institusionele begroting vir voorgraadse beurse en lenings, wat die KBL toe ook aanvaar het.

Beurskategorieë en institusionele begrotingsaldo's	2019 R'miljoen	2020 R'miljoen	2021 R'miljoen	2022 R'miljoen
Eerstejaarmerietebeurse (vir 90% en hoër)	R5,99	R6,65	R7,27	R7,77
Senior merietebeurse (beste 5% per fakulteit)	R6,88	R6,15	R8,30	R8,76
Sportbeurse (insluitend 10% inkrementele besnoeiing)	R7,87	R7,08	R6,38	R5,74
Werwingsbeurse				
Toekenning van nuwe werwingsbeurse, 2019-2022, wat 100% klasgeld dek	R69,83	R73,03	R76,62	R82,56
Leierskapsbeurse (geskrap vanaf 2019)	R0	R0	R0	R0
Steunbeurse	R16,91	R10,83	R8,51	R8,31
Voorgraadse Noodfonds	R0,50	R0,50	R0,50	R0,50
Beplande besteding	R107,97	R104,24	R107,58	R113,64
Totale US- institusionele begroting *	R100,31	R97,57	R94,90	R92,30
Institusionele begrotingstekort **	-R7,66	-R6,67	-R12,69	-R21,35
Surpluskapitaal	R48,71	R41,05	R34,37	R21,69
Begrotingsplus/(-tekort)	R41,05	R34,37	R21,69	R0,34

Tabel 2: Voorgestelde jaarlikse begroting vir voorgraadse beurse en lenings, 2019-2022

* Die jaarlikse US- institusionele begroting word aangepas om vir 'n inkrementele besnoeiing van 10%, 'n jaarlikse toename van 1% in die studentebevolking sowel as inflasie van 7% voorsiening te maak.

*** Die jaarlikse behoefte oorskry duidelik die totale US- institusionele begrotingstoekenning vir voorgraadse beurse en lenings. Beskikbare surpluskapitaal sal gebruik word om vir die jaarlikse tekort te vergoed.*

Die voorgestelde begroting maak voorsiening vir voortgesette steun vir studente in nood wat reeds in die stelsel is, sowel as vir nuwelingstudente (wat ingevolge die presidensiële aankondiging die nuwe DHOO-volkostebeurse ontvang), op 'n ad hoc-grondslag vir die minimum duur van 'n program, plus twee jaar (n + 2).

Die Senaat het in Junie 'n nuwe strategie goedgekeur om die ontbrekende middel te ondersteun. Dit impliseer dat die Ontwikkelingskantoor nou sy klem sal verskuif om spesifiek skenkings te bekom vir die ontbrekende middel wat nie deur DHOO- of ISFAP-finansiering ondersteun word nie. Die inwerkingstelling van hierdie strategie sal die Universiteit in staat stel om te voorsien in die uitstaande finansiële behoefte van daardie voorgraadse studente uit huishoudings met 'n bruto jaarlikse inkomste van R600 000 en minder. Die uitdaging sal egter wees om **genoeg nuwe finansiering** te werf wat **nié deur skenkervereistes beperk word nie**.

Die US sal ook voortgaan met sy werwingsprojek, met die werwingsbeurs wat 100% van basiese klasgeld dek. Noudat die nuwe DHOO- en ISFAP-volkostebeurse in werking is, sal die US 'n strategie ondersoek om die beste bruin, swart, Indiër- en Asiër- (BSIA-)studente selektief met volkostebeurse te werf sodra die volle impak van die twee nuwe beurskemas bepaal is.

2.11 Prof Sampie se beursnalatenskap

As geliefde en legendariese dosent aan die US, het prof Sampie Terreblanche baie jongmense as denkleiers help vorm. En danksy die Sampie Terreblanche-beursfonds sal dié ontslape veteraan-politieke ekonoom en akademikus aanhou om studente te inspireer.

Die Sampie Terreblanche-beursfonds is tot stand gebring nadat “prof Sampie”, soos hy bekend was, in sy testament **R250 000** vir studiebeurse aan die Universiteit nagelaat het. Sy kinders het ook onderneem om tot die fonds by te dra. Die beurse sal aanvanklik beskikbaar wees vir benadeelde en verdienstelike nagraadse studente in Ekonomie wat voorgraadse vakke soos Politieke Wetenskap, Filosofie en Geskiedenis geslaag het.

Prof Terreblanche is in Februarie vanjaar in die ouderdom van 84 oorlede. Sy akademiese loopbaan aan die US het oor die helfte van ons Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se 90 bestaansjare gestrek. Met sy uittrede in 2011 het prof Sampie 'n ononderbroke loopbaan van 54 jaar as Ekonomiedosent afgesluit. Hy het in 2015 'n eregraad van die US ontvang.

2.12 Gemengdeleer akademiese aanbod

'n Werkgroep onder leiding van prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor: Leer en Onderrig, het 'n verslag oor die US se sg. modus 2- of gemengdeleer akademiese aanbod aan die Rektoraat voorgelê.

Gemengde leer word omskryf as 'n **kombinasie van kontakleer en ten volle aanlyn lewering** van programme, modules en kortkursusse. Studente ontmoet met leerfasiliteerders vir blokkontakssessies (op kort termyn, byvoorbeeld een week op 'n slag) in fisiese leerruimtes, wat geografies buite die US se huidige kampusse versprei kan wees. 'n Groot gedeelte van die leer word egter aanlyn deur middel van die internet gefasiliteer. Dit sou studie van digitaal geargiveerde leermateriaal insluit, en kan ook aanlyn, interaktiewe sessies tussen studente en leerfasiliteerders behels. Assesserings kan 'n kombinasie wees van toetse/eksamens onder toesig in verspreide assesseringsentrums, en aanlyn assesserings deur 'n internetverbinding.

Die US het tans 'n aantal gemengdeleerkursusaanbiedinge, byvoorbeeld vir voorgraadse programme, honneursprogramme, nagraadse diplomas en magisterprogramme in die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde, Krygskunde, AgriWetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, sowel as Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

Oorlegpleging oor die verslag met alle fakulteite en steundienstafdelings sal nou 'n aanvang neem om te bepaal watter akademiese programme, modules en kortkursusse op dié manier aangebied kan word, die potensiële teikenmarkte wat daarby kan baat vind, en die steun- en finansieringsmodelle wat vereis word om hierdie aanbod van die Universiteit uit te brei.

2.13 Aanlyn kursusse

Die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) werk tans aan drie **ten volle aanlyn kort leerprogramme**. Die "[Just Lead!](#)"-kursus van die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut (FVZS) vir Studenteleierskapsontwikkeling het op 23 Julie 'n aanvang geneem met die werwing van jeugleiers van hoëronderwysinstellings en gemeenskapsorganisasies oor die hele Suid-Afrika en die aanwending van aanlyn en samewerkende leer om hulle toe te rus om volhoubare verandering teweeg te bring deur persoonlike leierskap aan die dag te lê, konteksbewus te wees en sistemiese vennootskappe te bou. In Oktober begin 'n [kursus oor doktorale studieleiding](#) van die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (CREST), sowel as 'n [etiëkkursus](#) van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

Die SLT bied gebruikersteun vir al sy leertegnologiesestelsels. Behoorlike tegniese gebruikersteun is noodsaaklik om te sorg dat die US sy momentum met gemengdeleer- en ten volle aanlyn kursusse handhaaf. Die steunspan het tussen Januarie en Julie **3 236 steunkwessies opgelos**, met 'n gemiddelde tevredenheidsyfer van 98%.

2.14 Toegang deur taal

'n Nuwe inisiatief van die Taalleernaaf in die US se [Taalsentrum](#) is die informele kortkursusse oor basiese Afrikaans en Xhosa. Die kursusse is toegespits op niemoedertaalsprekers wat graag in basiese Afrikaans of Xhosa gesprekke wil voer, en word vir koshuise en Luister-, Leer- en Leef- (LLL)-huise of enige belangstellende plaaslike studente aangebied. Deelnemers leer hoe om Afrikaans of Xhosa op 'n sosiale en funksionele manier te gebruik, en vorm ook 'n begrip van die **waarde van meertaligheid**. Die kursusse is prakties en interaktief, fokus op praat-, luister- en leesvaardighede, en is gegrond op kampusverwante scenario's om die gebruik van outentieke taal aan te moedig. Die eerste groep sou op 6 Augustus ingeneem word en die eerste 40 inskrywings het 'n borgskap vir 'n gratis kursus losgeslaan.

Op sy beurt is die program [English for Academic Purposes](#) (EAP) 'n kredietdraende kursus vir US-studente wat hulle Engelse taalvaardighede in die akademiese omgewing wil verbeter. Hierdie kursus word tradisioneel vir internasionale studente aangebied. Weens die uitdagings in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel het al hoe meer plaaslike tweedetaalsprekers egter óók 'n behoefte aan bystand. Daarom sal die program vanaf die tweede semester vanjaar ook plaaslike Engels-niemoedertaalsprekers inneem.

Die Taalsentrum neem deel aan die **US-ISFAP-program vir aanvullende studentesteun**. Die program beoog om die Universiteit se belegging in studentesukses te verryk deur middel van 'n studentesteunaanbod wat behoud-, slaag- en gradueringsyfers onder 'n groter verskeidenheid studente verbeter.

Die Tolkdiens ondersoek **opvoedkundige tolking in Xhosa** en het vanaf die tweede semester van 2018 met 'n proefprojek in een module in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe begin. Hierdie aanvanklike fase sal moontlik teen 2019 na ander fakulteite uitgebrei word.

2.15 Verbreding van toegang vir diegene met gestremdhede

Die US se hersiene [Beleid oor Gestremdheidstoegang](#) het op 1 April in werking getree. Dit volg goedkeuring deur die Raad op 26 Maart. Die beleid sit die beginsels en bepalings uiteen wat as rigsnoer behoort te dien vir die US om 'n universeel toeganklike instelling vir personeellede, besoekers en studente met gestremdhede te word. Dít impliseer 'n strewende na die insluiting van

mense met gestremdhede, onder meer deur fisiese ruimtes toeganklik te maak en inligting toeganklik beskikbaar te stel.

Die implikasies van die hersiene beleid strek oor die hele Universiteit en vereis dat **alle omgewings** sorgvuldig aandag skenk aan sistemiese gestremdhede-insluiting. Die Eenheid vir Gestremdhede (EG) in ons Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling het byvoorbeeld 'n behoefte uitgespreek aan nouer samewerking met Fasiliteitsbestuur om te sorg dat alle projekte op kampus aan universele-ontwerpbeginsels voldoen.

Die EG het aangedui dat hulle begroting nie voorsiening maak vir hulptegnologieë wat noodsaaklik is vir die insluiting van studente met gestremdhede nie. Intussen gaan HUMARGA voort om ons studente met hulptegnologie te ondersteun, en word beurssteun by elke moontlike geleentheid gewerf. Toenemende beurssteun van privaat maatskappye sal toegang vir studente met gestremdhede help verbreed.

As deel van sy pogings om na die Universiteitsgemeenskap uit te reik, het die EG opleiding in gestremdhede-bewustheid aan personeellede van die US-pendeldiens voorsien. Die Eenheid sal ook in die tweede semester met Studentesake saamwerk om 'n beginnerskursus in gebaretaal vir personeel en studente op Tygerbergkampus aan te bied. Daarbenewens bly die EG betrokke by die Stellenbosse Gestremdhedenetwerk.

2.16 US Museum verbreed toegang

“**Toegang tot Visuele Kunste**” is 'n vlagskipprojek van die US Museum met die doel om veral benadeelde leerders na die museum te bring. Die leerders kom nie net vir die eerste keer in aanraking met museumuitstallings nie, maar kry ook geleentheid om die kampus te verken met besoeke aan onder meer die Botaniese Tuin, die Departement Visuele Kunste en die Rooiplein. Altesaam 901 leerders het gedurende die verslagtydperk aan die program deelgeneem.

Die museum het tussen 1 April en 23 Julie in totaal **5 445 besoekers** ontvang. Dít is 281 meer besoekers as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. Terselfdertyd is die museum ook 17 keer vir geleenthede van ander US-departemente bespreek.

Op die eerste Woensdag van elke maand reël die museum **kunswandeling**e. Vier sulke wandeling e gedurende die verslagtydperk aangebied. Die temas het stillewes, collages en gemengde media sowel as raamkuns ingesluit. Om sy kultuuruitstallings met die publiek te deel, bied die museum ook Eufees-Vrydae aan.

Daarbenewens hou die museum op die laaste Donderdag van elke maand sy deure **nauurs** oop. Op 31 Mei het die verlengde ure saamgeval met die bekendstelling van die dokumentêre fotograaf **Omar Badsha** se boek en uitstalling, wat deur 60 mense bygewoon is. Hy het onlangs 'n eredoktorsgraad van die US ontvang en is 'n voormalige ontvanger van die Orde van Ikhamanga, wat die president aan uitsonderlike burgers toeken.

Laastens is 'n netwerkgeleentheid vir geregistreerde toergidse op 28 Junie in samewerking met die Wes-Kaapse Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme by die museum aangebied. 'n Groep van 172 toergidse is by die geleentheid verwelkom.

2.17 Groter deelname aan sport vir ontspanning

Maties Sport wil studente en personeellede aanmoedig om 'n aktiewe leefstyl te volg. Vir dié doel ondersteun die Afdeling institusionele welwees- en sportinisiatiewe, en is hulle trots om verslag te doen dat deelname aan sport vir ontspanning die afgelope drie jaar beduidend toegeneem het. Tradisioneel word daar slegs vir fisieke sportsoorte voorsiening gemaak, wat 'n groot groep uitsluit. Tog is sport besig om 'n gedaanteverwisseling te ondergaan, en is baie studente deesdae kranige ondersteuners van **e-sport** – mededingende videospelletjies met veelvuldige spelers. Om dus by die veranderde sportlandskap by te hou, het die Eenheid vir Ontspanning en Aktiewe Leefstyl (RALU)

onlangs 'n e-sportliga bekend gestel. Dit brei Maties Sport se ontspanningsaktiwiteite uit, strook met die vyf grootste wêreldtendense in sport, en plaas die US aan die voorpunt van ontwikkeling in dié verband, synde die enigste universiteit in die land met 'n e-sportklub vir studente.

3. Behoud van momentum van uitnemendheid

Uitnemendheid is een van die oorhoofse strategiese prioriteite in ons *IVS 2013–2018*. In daardie dokument word dit gekoppel aan die tweede element van ons Visie 2030 – om meer innoverend te word. En in ons *IP 2018–2023* is behoud van ons momentum van uitnemendheid een van ons sewe institusionele strategieë. Ons doen dit deur ons studentesukses hoog te hou en deur die Universiteit as een van die voorste navorsingsintensiewe instellings in Afrika te posisioneer.

3.1 NSTF-pryse

Proff Resia Pretorius en **Coenrad Fourie** het albei op 28 Junie prestigeryke pryse van die [Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum \(NSTF\)/South32](#) ontvang.

Pretorius, van die Departement Fisiologiese Wetenskappe, het die TW Kambule-prys gewen vir ontluikende navorsers wat oor 'n tydperk van tot en met ses jaar tot vakkundige werk en uitsette bygedra het. Sy is vereer vir haar ontdekking van die verband tussen inflammasie en nie-infeksiesiektes soos tipe 2-diabetes en parkinson- en alzheimersiekte. (Sien ook 3.6 hieronder.)

Fourie, van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, het 'n innovasieprys ontvang ter erkenning van die baanbrekerswerk deur sy maatskappy, SUN Magnetics, op die gebied van geïntegreerde supergeleidingstroombane in superrekenaars.

Innovus is by albei hierdie projekte betrokke en werk nou saam met die navorsers om die nodige ondersteuning te bied om hierdie tegnologieë na die markplek te bring.

3.2 US maak skoonskip by prysuitdeling vir vrouewetenskaplikes

In 'n eerste vir die US het drie van ons toonaangewende vrouewetenskaplikes ál die toekennings in 'n enkele kategorie ingepalm by die jaarlikse prysuitdeling vir Suid-Afrikaanse vrouewetenskaplikes (WISA), wat op 23 Augustus in Polokwane aangebied is.

Dr Evodia Setati (Instituut vir Wynbiotegnologie) is as wener aangewys in die kategorie vir uitgelese vrouenavorsers in die natuur- (lewens- en fisiese) wetenskappe en ingenieurswese, terwyl **prof Karen Esler** (Departement Bewaringsekologie en Entomologie) en **prof Soraya Bardien** (Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika) onderskeidelik tweede en derde was.

Die WISA-geleentheid het deel uitgemaak van die Departement van Wetenskap en Tegnologie se Vrouemaandvieringe. Die toekennings erken en beloon uitnemendheid deur vrouewetenskaplikes en -navorsers, en stel hulle as rolmodelle vir jonger vroue voor.

3.3 Eerbewyse vir US Botaniese Tuin

Botanic Gardens Conservation International ([BGCI](#)), wat wêreldwyd bekend is vir hul werk om plantdiversiteit ter wille van die welstand van mens en planeet te beskerm, het akkreditasie verleen aan die [US Botaniese Tuin](#) – die eerste keer in Suid-Afrika wat dit gebeur. Slegs nege botaniese tuine wêreldwyd spog met BGCI-akkreditasie. Hierdie eerbewys erken die plantbewaringsprestasies van instellings wat 'n verskeidenheid bewaringsverwante beleide, praktyke en aktiwiteite uitvoer. Die US Botaniese Tuin het ook BGCI-akkreditasie ontvang as toepasser van praktiese bewaring.

3.4 US Regskliniek as toonaangewende Afrikaregsfirma erken

Die [US Regskliniek](#) het op 7 September die prestasietoekenning van die Korporatiewe Regsadviseursvereniging van Suid-Afrika (CCASA) ontvang. Die prys erken uitmuntende prestasie in die regs Gemeenskap in Afrika. Die US Regskliniek is die eerste ontvanger van die prys.

Die Regskliniek is betrokke by sake met 'n wesenlike sosiale impak. Dit sluit in die suksesvolle hooggeregshoofsaansoek 'n paar jaar gelede om [loonbeslagleggingsbevele ter syde te stel](#), sowel as die meer onlangse oproep om die [afskaffing van tampons](#) en 'n hooggeregshoofsaansoek met betrekking tot [skuldinvoeringspraktyke](#).

Die US Regskliniek was voorheen bekend as die US Regshulpkliniek, maar het vroeër vanjaar sy nuwe naam in gebruik geneem om die wye bestek van sy werk, naamlik regshulp, kliniese regsopleiding én praktiese regsopleiding, te weerspieël. Die entiteit het ook na Crozierstraat verskuif, reg oorkant sy tuisfakulteit van Regsgeleerdheid.

3.5 Innovus blink uit

Die jaarvergadering van die Suider-Afrikaanse Navorsings- en Innovasiebestuursvereniging (**SARIMA**) het van 29 Mei tot 1 Junie in Johannesburg plaasgevind. Innovus-spanlede en US-kollegas het 'n groot aandeel in die parallelle sessies gehad met nege aanbieders in die tegnologieoordragstroom van die konferensie. US-vertegenwoordigers het as aanbieders en/of voorsitters by elk van die agt sessies oor tegnologieoordrag gedien. Gedurende die konferensie is daar ook aangekondig dat **me Nolene Singh**, tegnologieoordragbestuurder by Innovus, die Departement van Wetenskap en Tegnologie en SARIMA se uitnemendheidsprys vir innovasiebestuur deur 'n nuweling ontvang het.

3.6 Biosensor toon belofte

US-navorsers skakel voortdurend met Innovus oor nuwe uitvindings. Veral die ontwikkelings op die gebied van sensortegnologie – 'n interdisiplinêre projek – is opwindend. Prof Willie Perold van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese en prof Resia Pretorius (sien ook 3.1 hierbo) van die Departement Fisiologiese Wetenskappe werk aan 'n **nano-elektroniese handbiosensor**. Met slegs een druppel bloed kan die toestel kanker gouer en goedkoper as huidige metodes diagnoseer. Die aktualiteitsprogram *Carte Blanche* het onlangs oor die uitvinding berig, en dit wek wyd belangstelling.

3.7 100 navorsingstories vir die US se Eeufeesjaar

Die US publiseer elke jaar sy navorsingsverslag in tydskrifformaat wat toon hoe 'n uitgesoekte getal van ons navorsingsprojekte tot een van ons beduidendste doelwitte bydra – om 'n positiewe impak op mense se lewens te hê. As 'n navorsingsintensiewe universiteit, is die US die trotse tuiste van 'n groep hoogs begaafde en toegewyde navorsers. **Research at Stellenbosch University** bring hulde aan hulle uitsonderlike bydraes tot die samelewing. Die publikasie bied 'n blik op die vernuwende en interessante navorsing wat by die US onderneem word, en dien as 'n platform om die publiek van ons navorsingsresultate te vertel. Die jongste uitgawe maak deel uit van die US se Eeufeesaktiwiteite en bestaan uit 100 bladsye met 100 navorsingstories. Die formele bekendstelling van die publikasie vind op 8 Oktober plaas. Intussen kan 'n [digitale weergawe hier](#) bekom word.

3.8 Diepleer by die US

Die US het vanjaar se Diepleerindaba, een van die grootste geleenthede op die gebied van kunsmatige intelligensie (KI) en masjienleeronderrig ter wêreld, van 9 tot 14 September aangebied. Meer as 500 afgevaardigdes van 49 lande (onder meer 30 Afrikalande) het deelgeneem aan die program, wat spreekbeurte deur verskeie wêreldleiers op die gebied ingesluit het.

Om op hoogte te bly van die jongste ontwikkelings op hierdie gebied is noodsaaklik vir universiteite se navorsings- en onderrigwerkzaamhede. Groot data en KI sal fundamentele verandering teweegbring in die arbeidswêreld, sowel as in die skep en oordrag van kennis oor alle akademiese dissiplines heen. Dit is ondermeer waarom ons beoog om 'n **interfakulteitskool vir datawetenskap en berekeningsdenke by die US** tot stand te bring.

Die Indaba is 'n vrywilligersinisiatief op voetsoolvlak wat beoog om Afrikawye KI-vermoë en -eienaarskap te bou deur leiers op die gebied te ontwikkel en uitnemendheid oor die vasteland heen

te erken. Een van die organiseerders, dr Willie Brink van die US se Departement Wiskundige Wetenskappe, sê Afrika se belangstelling en vaardighede in KI hou aan groei. Die Indaba het van 300 deelnemers in 2017 tot 550 in 2018 uitgebrei. Veral die getal vrouedeelnemers het van 23% tot 30% toegeneem.

Die US het deelnemers toegang gebied tot 550 rekenaars in vyf rekenaarlaboratoriums op ons Stellenboschkampus, verskeie van ons grootste lesinglokale, sowel as tegniese en IT-steun.

3.9 Stellenbosse Internasionale Kamermusiekfees

Die 15de jaarlikse Stellenbosse Internasionale Kamermusiekfees (SIKMF) het van 6 tot 15 Julie in die US se Departement Musiek plaasgevind. Die geleentheid, wat volgens alle aanduidings 'n reusesukses was, het die US nogmaals op die internasionale musiekkalender geplaas en die Departement, wat deel uitmaak van ons Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, as 'n sentrum van uitnemendheid gevestig.

Vanjaar se fees het **27 internasionaal gerekende kunstenaars** ingesluit. Benewens verteenwoordigers van die US en die Universiteit van Kaapstad, het kunstenaars van onder meer die Metropolitaanse Opera-orke, Utah-simfonieorke, Mozarteum-orke, Moskou-konservatorium, Koninklike Musiekakademie, Conservatoire Royal de Mons, Kanadese Blaasorke en Folkwang-kunsuniversiteit gekom. Gaskunstenaars het die plaaslike komponis Neo Muyanga ingesluit.

Altesaam **206 studente** het aan die SIKMF 2018 deelgeneem, van wie 79 (38,4%) uit voorheen benadeelde gemeenskappe was – 4,4% meer as in 2017. Genooide studentegroepe het ingesluit die strykkwartet van die Baltiese Neopolis-akademie, die PRISM-blaaskwartet van die VSA, die senior strykensemble van die Hugo Lambrechts-sentrum, en ons eie US-blaaskwintet. Die genooide groepe het ook vir die eerste keer 'n studentemusiektegnologiespan van Memphis ingesluit, wat in 'n nuwe samewerkingsprojek tussen ons departemente Drama en Musiek opleiding ontvang het. Afgesien van die goeie opkoms in die Endlersaal, het die regstreekse internetuitsending **17 557 kykers** in 90 lande bereik en 1 070 kykure aangeteken.

3.10 Biblioteeknavorsingsweek

Die sesde jaarlikse [Biblioteeknavorsingsweek](#) het van 30 Julie tot 3 Augustus onder die tema “Navorsing in aksie” plaasgevind. Die teiken gehoor was ontlukende US-navorsers en nagraadse studente. Onderwerpe het noodsaaklike navorsingselemente ingesluit, soos die bepaling van 'n literatuursoekstrategie, die skryf van 'n navorsingsvoorstel, die hantering van kopieregkwessies, en die bestuur van navorsingsdata. Tygerbergkampus het vir die eerste keer hulle eie Navorsingsweek in die nuwe biblioteek van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe gehou.

'n Hoogtepunt van die Navorsingsweek was die bekendstelling van die [Marloth- digitale versameling](#). Rudolf Marloth is veral bekend vir sy meesterwerk *The Flora of South Africa*, wat tussen 1912 en 1932 in samewerking met die botaniese illustreerder Ethel Dixie saamgestel is. Die Marloth-familie het die oorspronklike illustrasies en plate met handgeskrewe aantekeninge aan die Universiteit geskenk. Hierdie kosbare versameling kan nou op die SUNDigital-platform besigtig word.

3.11 Ko-kurrikulêre programme

Die Ko-Kurrikulumkantoor in die verantwoordelike sentrum vir Leer en Onderrig het met 'n reeks werksessies begin om toe te sien dat **onderrig- en leerbeginsels** sowel as **gehalteversekering** 'n kerndeel uitmaak van nuwe én bestaande ko-kurrikulêre programme.

As deel van die programvernuwingsproses fokus die Ko-Kurrikulumkantoor daarop om die US se graduandi-kenmerke in alle programme vas te lê. Vir dié doel ontwikkel hulle fakulteitspesifieke bevoegdheidsraamwerke wat aan bedryfsvereistes voldoen en sal sorg dat ons graduandi goed toegerus is vir die arbeidsmark. 'n Proef sal in 11 departemente van die Fakulteit AgriWetenskappe

ondernem word na aanleiding van 'n soortgelyke proses in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

3.12 Kampusgesondheidsdiens

Die Kampusgesondheidsdiens (KGD) is 'n noodsaaklike diensverskaffer aan Maties Sport se hoëprestasiëprogram. Altesaam 117 hoëprestasiëatlete het gedurende die oorsigtydperk van KGD se siftingsdienste voor kragmetings gebruik gemaak in die strewe na veilige deelname.

KGD-fisioterapeute het ook tot Matiespanne se onlangse sukses in wedstryde van Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) bygedra. Dit het hokkie (mans en vroue), rugby, sokker, basketbal en, vir die eerste keer, netbal ingesluit.

Boonop het 'n KGD-span aan die begin van Julie 'n internasionale prys by die jaarvergadering van die Amerikaanse Vereniging vir Sportgeneeskunde (AOSSM) in San Diego, VSA, ontvang ter erkenning van hulle nuttige en betekenisvolle navorsing. Die span onder leiding van dr Pierre Viviers is vereer met die prestigeryke T. David Sisk-prys vir die beste gepubliseerde internasionale navorsingsreferaat in die amptelike vaktydskrif van die AOSSM. Twee KGD-voorleggings is ook teen die einde van Mei by die 65^{ste} jaarvergadering van die Amerikaanse Kollege vir Sportgeneeskunde in Minneapolis, VSA, aangebied.


Laastens, is die kliniese onderrig-en-leerplatform vir sport- en oefeningeneeskunde nou tot stand gebring. Die platform gee finalejaarstudente in fisioterapie en nagraadse mediese studente die geleentheid om studente en personeellede te help behandel.

3.13 Uitnemendheid in sport

Met heelwat sportsoorte se jaarlikse USSA kragmetings wat gedurende die wintervakansie plaasgevind het, was dit 'n bedrywige tyd vir sowel sportbestuurders as studente-atlete. USSA het in Julie 24 nasionale universiteitskampioenskapsbyeenkomste in ses provinsies aangebied en liduniversiteite het as gashere opgetree. Maties Sport het aan 13 van hierdie byeenkomste deelgeneem. Maties Sport se doelwit is om onder die beste drie in universiteits- en ligakompetisies te wees. In dié verband het ons spanne die afgelope twee maande ons naam hoog gehou.

USSA: Maties Rugby, Pluimbal en Fietsry: eerste; Maties Gimnastiek: tweede; wenners van die danskompetisie; Maties Hokkie se vroue- en manspan: tweede; Maties Netbal en Branderry: derde; Maties Sokker se vrouespan: derde in die B-afdeling, bevorder tot A-afdeling. Noko Dalisiko en sportbestuurder Ellroy Smith is onderskeidelik as bestuurder en afrigter van die toernooi, albei in die B-afdeling, aangewys.

Handelsmerkbewustheid: Maties Sport se kommunikasiestrategie het tot dusver vanjaar tot verdere groei in handelsmerkbewustheid gelei. Die strategie behels 'n vars en dinamiese benadering tot sosiale media en ander elektroniese kommunikasieplatforms, sowel as prosesse om hierdie platforme uit te brei en te posisioneer om as Maties Sport se amptelike en gesaghebbende stem te dien. Maties Sport se reikwydte op sosiale media (Facebook, Instagram en Twitter) het dié jaar aansienlik toegeneem, wat daarop dui dat ons met 'n al hoe groter gehoor kommunikeer.



Figuur 4: Maties Sport se reikwydte op sosiale media in 2017 en 2018

Afrigterswerksessie: Maties Sport het in Julie sy eerste werksessie vir die US se hoëprestasieafrigters aangebied. Werksessiedeelnemers het 'n gemeenskaplike visie en missie sowel as gemeenskaplike strategiese doelwitte vir die Hoëprestasie-eenheid bepaal.

Hokkie: Ná twee naweke propvol Varsity Hokkie-aksie was die onoorwonne Maties Hokkie-manspan ná die beslissende rondes boaan die punteleer. Maties het die kompetisie in tweede plek geëindig.

Judo: Drie Maties – Jean-Mari du Plessis, Luc Hill and Stedon Venter – het in Julie aan die Suid-Afrikaanse judokampioenskap in Port Elizabeth deelgeneem.

Rugby: Weens die impak van die droogte op die velde by Coetzenburg kon die gewilde Koshuisrugbyliga eers in die tweede semester afskop, maar dit is nou in volle gang. Die eindstryd word aan die begin van Oktober gespeel.

Swem: By die Suid-Afrikaanse Nasionale Kortbaankampioenskapstoernooi in Julie het paraswemmer Christian Sadie vier goue medaljes gewen, terwyl Emma Chelius twee bonsmedaljes verower het. Inge Weidemann en Anandt van Rensburg het albei klubrekords in hulle items opgestel, terwyl 'n aantal Maties-aflosspanne medaljes gewen het.

Waterpolo: Maties Sport se Vics-vrouewaterpolospan het in Augustus die eerste Vrouewaterpolokampusbekertoernooi gewen. Ses spanne en meer as 70 vrouestudente het kragte gemeet. Die geleentheid is goed ontvang deur deelnemers en sal hopelik volgende jaar nog méér spanne lok.

4. Bevordering van sosiale impak

Om 'n groter sosiale impak te hê is een van die US se kern- strategiese doelwitte. Vir ons is sosiale impak sistemies, want dit is in alle US-omgewings veranker. Deurlopende en doelbewuste aandag aan die generiese en spesifieke sosiale impak van leer en onderrig sowel as navorsing en innovasie versterk die algehele transformasiegerigte sosiale impak van en deur die Universiteit. Hierdie visie word deur die US se Strategiese Plan vir Sosiale Impak (SPSI) gerig.

4.1 US se ekonomiese impak op Stellenbosch

Dat die US 'n beduidende impak op die ekonomie van Stellenbosch en omgewing het, is nou bevestig. 'n Studie deur die Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) het bevind dat bykans 'n **vyfde van ekonomiese aktiwiteit** in die streek tot die bedrywighede van die Universiteit en sy mense teruggevoer kan word.

Die doel van die studie was om die Universiteit se ekonomiese bydrae tot die ekonomie van die Stellenbosse munisipale gebied geloofwaardig te bepaal en te meet. 'n Ekonomiese impakstudie is onderneem op grond van die Universiteit se bedryfs- en kapitaalbesteding sowel as besteding deur personeellede en studente as 'n raming van die US se aanvanklike impak.

Die studie skat die Universiteit se ekonomiese impak op Stellenbosch op ongeveer **R5,6 miljard** vir 2018. Die meeste hiervan is studentebesteding (61%), gevolg deur personeelbesteding (23%), die US se betalings aan krediteure (14%) en diverse betalings (2,5%).

Die Universiteit se teenwoordigheid skep ook **R1,1 miljard in arbeidsvergoeding** en ondersteun **13 406 werksgeleenthede** in die plaaslike ekonomie. Die US skep meer as 21% van formele werksgeleenthede en 8,7% van informele geleenthede in die omgewing. Hierdie werksgeleenthede sluit poste by die Universiteit self in, maar veral ook werksgeleenthede wat uit die ondersteuning van plaaslike ondernemings spruit.

Die studie bevestig die US se status as 'n ankerinstelling op Stellenbosch. Die dorp en omliggende streek vind baat by US-strukture en -geleenthede soos STIAS, Innovus, Maties Sport en die US Woordfees.

Hierdie bevindinge strook met die klassieke verhouding tussen vername instellings in 'n **universiteitsdorp** wêreldwyd – met die dorp en sy mense, ondernemings en beheerstrukture enersyds, en die Universiteit en sy personeel en studente andersyds. Hoewel die term “town and gown” ’n lang geskiedenis het en veral na eeueoue plekke van leer soos Oxford en Cambridge verwys, word dit ook al hoe meer gebruik met verwysing na moderne universiteitsdorpe, veral dié met ’n aansienlike openbare universiteit, soos Stellenbosch. Trouens, die US bied teen die einde van November ’n internasionale “town and gown”-konferensie aan as nóg ’n hoogtepunt van die instelling se Eeufeesjaar. Verdere inligting word binnekort aangekondig.

4.2 Tygerberg word eerste rook- en tabakvrye kampus in SA

Die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) het Tygerbergkampus rook- en tabakvry verklaar. Die rook of gebruik van enige tabakprodukt (met inbegrip van sigarette, elektroniese nikotienleweringstelsels, waterpype sowel as rooklose tabakprodukte, soos pruimtabak en snuif) sal vanaf 1 Januarie 2019 **streng verbode wees oor die hele kampus**.

“Tabak is nie net sleg vir rokers nie; dis ook skadelik vir nie-rokers en die omgewing,” het prof Nico Gey van Pittius, Visedekaan: Navorsing, gesê.

“Tabak is ’n risikofaktor vir ses van die agt voorste doodsoorsake, waaronder verskeie soorte kanker, hartsiekte, lugweginfeksies en beroerte, en dit is bekend dat rokers gemiddeld tien jaar vroeër as nie-rokers sterf. Tabakgebruik verhoog ook mediese onkoste en verlaag produktiwiteit.”

Die Fakulteit sal nikotienvervangingsterapie en ander bewese intervensies voorsien om rokers die gewoonte te help afleer.

Ofskoon Tygerberg die eerste algeheel rook- en tabakvrye kampus in Suid-Afrika sal wees, is dit ’n toenemende tendens wêreldwyd: Die VSA alleenlik het reeds meer as 2 000 rookvrye kampusse, waarvan 1 743 ten volle tabakvry is.

4.3 Telematiese skoleprojek

Deur die telematiese skoleprojek, wat in 2009 begin het, help versterk die [Sentrum vir Leertegnologieë](#) die US se sosiale impak. Die projek is ’n vennootskap tussen die Universiteit en die onderwysdepartemente van die Wes-, Noord- en Oos-Kaap. ’n Verdere 127 skole het vanjaar die nodige toerusting ontvang, wat die **totale getal deelnemerskole nou op 798** te staan bring.

Die projek gebruik die interaktiewe satellietplatform van die US se [Telematiese Dienste](#) om die jaareindpunte van leerders in graad 10, 11 en 12 te verbeter. Uitsendings handel oor die vernaamste skoolvakke, en aanbieders verduidelik kernkonsepte en behandel probleemgebiede waarmee leerders in vorige eksamens gesukkel het. Alle uitsendings is ook beskikbaar op DVD of as deel van die aanlyn videobiblioteek, wat as ’n kragtige instrument vir eksamenhersiening dien.

’n Belangrike faktor in die sukses van dié projek is die dinamiese interaksie tussen die aanbieders wat vanuit die uitsaai-ateljee op Stellenbosch werk, en die leerders wat van oor die hele Suid-Afrika via satelliet of regstreekse internetstroming inskakel. Die leerders kan deur middel van ’n interaktiewe webblad, SMS of WhatsApp vrae stel. Met Facebook word skole op hoogte te hou.

4.4 US Woordfees (insluitend US Koor en WOW-projek)

Die program vir die 20ste US Woordfees, wat vir 1 tot 10 Maart 2019 beplan word, word op 16 November 2018 bekend gestel. Die tema vir aanstaande jaar se fees is “Jonk”.

Die US Koor, wat onder die Woordfees val, het in Julie die VK besoek. Daar het hulle ’n uitvoering by die Southbank-sentrum in Londen gegee en ook aan die prestigeryke **Llangollen-eisteddfod in Wallis** deelgeneem. Die koor is as beste jeugkoor (95,3%) en beste gemengde koor (90,3%) aangewys, en het 95% in die oop kategorie behaal. André van der Merwe het ook die toekening vir beste dirigent ontvang. Die koor bly boaan die Interkultur-ranglys van gemengde amateurkore.

Die projek Woorde Open Wêreld (WOW), ook 'n US Woordfees-inisiatief, gaan voort om woordvaardighede, lees, geletterdheid en die kunste by skole te bevorder. Die jaarlikse **Sanlam WOW-spelfees** is goed op dreef met meer as 600 deelnemerskole van ál nege provinsies. Leerders in die Wes-Kaap ding mee in Afrikaans (graad 1-10), Engels Eerste Addisionele Taal (graad 6-9), sowel as Xhosa (graad 6-9). Die nasionale eindronde vind op Saterdag 20 Oktober op Stellenbosch plaas.

4.5 Impak deur boeke en lees

Om vinnig en met begrip te lees is 'n noodsaaklike vaardigheid vir akademiese sukses. Ongelukkig kom baie leerders wat met hoërskool begin dié vaardigheid kort. Die **Amazing Reading Race**, 'n inisiatief vir sosiale impak deur die Taalsentrum, is spesifiek daarop gerig om leerders bewus te maak van hoe belangrik dit is om vinnig en met begrip te kan lees. 'n 'Resies' met graad 8-deelnemers het op Woensdag 25 Julie by die Hoërskool Kylemore plaasgevind.

Dr Vernita Beukes van die Taalsentrum koördineer die **Vriende van Afrikaans se voorleesprojek** vir laerskole. Die projek behels maandelikse voorlesings vir kinders sowel as opleiding vir onderwysers. As sy bydrae tot dié inisiatief het die Taalsentrum op 27 Julie twee boektrommels ter waarde van R15 000 aan twee skole oorhandig. Die trommels bevat elk 90 leesboekies en kan ook as 'n mobiele biblioteek dien vir skole wat nie oor biblioteekgeriewe beskik nie.

Voorts het die Taalsentrum Internasionale Geletterdheidsdag, 8 September, met 'n **'boektoenami'** gevier. Die Neelsie is op 7 September (die naaste weekdag) met 'n golf boeke oorstrom wat in die loop van die jaar bymekaargemaak is. Dit is gegrond op die beginsel van onbaatsugtigheid ("pay it forward") – enigiemand kan 'n boek neem en lees, solank hulle dit weer aan 'n volgende persoon gee as hulle klaar is.

4.6 Entrepreneurs vir die toekoms

US-studente het in die week van 9 Julie saam met hulle eweknieë van die Universiteit van Utrecht **entrepreneurskapsopleiding** vir sowat 60 Stellenbosse leerders in graad 9 tot 11 aangebied. Die doel was om leerders van entrepreneursgeleenthede om hulle bewus te maak. Die Afdeling Sosiale Impak, deur Matie Gemeenskapsdiens, was verantwoordelik om bande met die skole te bou om onderwysers sodoende van die geleentheid te vertel en leerders aan te moedig om dit by te woon. As vooropleidingsoriëntering het Sosiale Impak die Utrecht- sowel as US-studente touwys gemaak.

4.7 Mandelamaand

US-personeellede en -studente het die afgelope tyd bewys daar is meer as "100 maniere om 'n impak te hê". Fakulteite, departemente en sentrums het verskeie geleenthede op Mandeladag, 18 Julie, en die res van die maand aangebied. Van oënskynlik klein gebare soos om 'n siek kind met 'n teddiebeer te verras, tot die verf van 'n gebou – die US se sosiale-impakprojekte het beslis positiewe verandering na gemeenskappe in en om Stellenbosch en in Tygerberg en Bellville gebring.

Die **Fakulteit Natuurwetenskappe** het sy impak getoon met chemiedemonstrasies en -speletjies vir leerders van die Hoërskool Kylemore, wat deur die Departement Chemie en Polimeerwetenskap gereël is. BSc Chemie-studente het ook die Minions-vertoning aangebied, 'n toorkunsvertoning met chemie wat AlchemUS, die US se chemiestudentevereniging, jaarliks reël.

Meer as 120 personeellede van die **Afdeling Fasiliteitsbestuur**, sy kontrakteurs sowel as personeel van die Afdeling Aankope en Voorsieningsdienste het hulle dienste aan Kuyasa Horizon Empowerment, 'n gemeenskapsprojek in Kayamandi, aangebied. Die vrywilligers het Kuyasa se groentetuin en omheining opgeknop, rommel verwyder, loodgieterswerk en instandhouding aan die reënwatertenk gedoen, bome geplant, lekplekke in die dak herstel, geverf, 'n brandontruimingsplan opgestel en 'n brandopleidingskursus vir werknemers aangebied, elektriese herstelwerk gedoen, en rekenaars aan die rekenaaropleidingsfasiliteit geskenk. Selfs die heel kleintjies het in die pret

gedeel toe die Sentrum vir Leertegnologieë 55 kleuters en hulle vyf onderwysers van Siyanqoba-bewaarskool in Kayamandi op 'n uitstappie na 'n restaurant geneem.

Ook op Tygerbergkampus het 'n aantal Mandeladag-aktiwiteite plaasgevind. Studente van die **Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe** (FGGW) het op 17 Julie die Sarepta-ouetehuis in Kuilsrivier besoek om inwoners met skoonheidsbehandelings, eetgoed en 'n uitvoering deur die Tygerberg-gospelkoor te bederf. Vrywilligers het dieselfde dag ook hoërisikogebiede in die gemeenskap om Tygerbergkampus skoongemaak.

Vanaf vroegoggend op 18 Julie het studente en personele by die studentesentrum op kampus bymekaargekom om as deel van die Universiteit se Toasties for Tummies-projek toebroodjies te maak. Met 1 500 toebroodjies klaar, is hulle later die dag na die buitepasiëntafdeling by Tygerberghospitaal om dit uit te deel. Daardie middag is 'n pretloop van 5 km op kampus aangebied waar items vir die Tygerberg-spensprojek ingesamel is om voedselonsekerheid op kampus uit te wis.

Kos- en toiletwareskenkings is in die vorm van die syfer "100" op die rugbyveld uitgepak ter viering van Madiba se 100^{ste} verjaardag en die US se Eeufees. Die veldtog om kos en ander items vir studente in nood in te samel, is 'n deurlopende projek op kampus.

Die FGGW se Mandeladag-aktiwiteite het ook die Avian Park-gemeenskap op Worcester bereik. Hier het die Ukwanda Sentrum vir Landelike Gesondheid met PWC saamgewerk om 80 komberse en kledingstukke aan mense van hierdie diensarm gemeenskap te skenk. Ukwanda onderneem ook 'n kosveldtog ter ondersteuning van Masibonelelane-sopkombuis, wat kinders tussen die ouderdomme van 3 en 14 jaar sowel as mense met MIV/vigs vier keer per week iets te ete gee.

Laastens is drie Maties ingesluit by 100 Suid-Afrikaners wat deur News24 as "**Jong Mandelas van die Toekoms**" gekies is omdat hulle die eienskappe uitleef waarvoor Mandela bekend was.

Lindo Makhathini, 'n BSc-honnoursstudent in Geologie aan die US, is benoem vir haar leiersrol om vroue op geologie- en mynbougebied te bemagtig. Nathaniel Japhta, wat op die Kaapse Vlakte grootgeword het, blink uit as 'n geoktrooierde rekenmeester nadat hy aan die US gegradueer het. En Farai Mubaiwa was in 2015 medestigter van 'n jeuggeleide organisasie, Africa Matters, terwyl sy rekeningkunde aan die US studeer het.

4.8 Impak van die Kampusgesondheidsdiens

In samewerking met die US se Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde (ISEM) is finansiering van Wêreldrugby en die Mediese Navorsingsraad bekom om verskeie gemeenskapsgebaseerde navorsingsprojekte te onderneem. Die doel is om beserings- en siektepatrone onder hierdie kohort te ondersoek, sowel as die voorkoming van kopbeserings in kontak sport.

'n Memorandum van verstandhouding met Pniel-rugbyklub bied spelers van hierdie gemeenskapsklub nou toegang tot KGD se fisioterapie- en sportgeneeskundige dienste.

Daarbenewens het die vennootskap tussen KGD en ISEM 'n platform geskep van waar benadeelde studente-atlete na die Sport- en Oefeninggeneeskundekliniek by Tygerberghospitaal verwys kan word. Sportdokters en fisioterapeute van KGD werk op 'n rotasiegrondslag by dié kliniek, en 16 studente-atlete met verwysings het gedurende die verslagtydperk toegang tot hierdie gespesialiseerde dienste bekom.

KGD het ook met die Afdeling Studentegemeenskappe saamgewerk om die stapprogram "10 000 Treeë" op Stellenboschkampus in werking te stel. Die program maak deel uit van die US se studentewelweesinisiatiewe. In vennootskap met die Stellenbosse Sportakademie is dit nou ook na plaaslike skole uitgebrei, en is verskeie gemeenskapstaproeies op Stellenbosch as gevolg daarvan geïntegreer.

4.9 Impak deur middel van sport

Skoleprogram: Die Maties Sport-gemeenskapsinteraksieprogram vir skole is gedurende die Julie-skoolvakansie aangebied.

Tenniskamp: Tennis Suid-Afrika (TSA) het gedurende die skoolvakansie 'n tenniskamp vir juniors by die Coetzenburg-tennisbane aangebied. Altesaam 42 juniors het Stellenbosch besoek om hier te kom oefen, en die Maties Hoëprestasie-eenheid het hulle met sportprestasietoetse bygestaan. Hierdie kamp spruit uit 'n strategiese vennootskapsooreenkoms tussen TSA en die US wat beoog om 'n nasionale tennissentrum van wêreldgehalte by die Universiteit te vestig.

5. Uitbreiding van internasionalisasie

Die uitbreiding van internasionalisasie is een van sewe institusionele strategieë in ons *IP 2018–2023*. Ons wil ons gegradueerdes en akademië toerus om te kan floreer as burgers van 'n potensieel meer onstuimige en 'n tegnologies snelontwikkelende wêreld. Ons wil hulle in staat stel om **internasionaal beduidende bydraes** te lewer wat 'n positiewe impak op die wêreldsamelewing het.

5.1 BRICS by die US

Die US en DHOO het saamgewerk om die derde jaarlikse konferensie van die **BRICS-universiteitsnetwerk** van 5 tot 7 Julie op ons Stellenboschkampus aan te bied. Bykans 160 afgevaardigdes, hoofsaaklik van die BRICS-lidlande (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika), het die geleentheid bygewoon. Die afgevaardigdes het van 36 universiteite en 11 ander hoëronderwysinstellings sowel as verbandhoudende liggeme soos Universiteite Suid-Afrika, die Raad op Hoër Onderwys en die SA BRICS-dinkskrum gekom.

Die hoofspreker was **minister Naledi Pandor**, wat in 1997 'n magistergraad in Algemene Taalwetenskap en in 2013 'n eredoktorsgraad van die US ontvang het. In haar toespraak het sy gesê universiteite in BRICS-lande hét wat dit verg om ontwikkelingsuitdagings die hoof te bied. Sy het universiteite aangemoedig om verder te ontwikkel wat betref innovasie, die kommersialisering van hulle werk, internasionale publikasies en die getal PhD's wat hulle oplewer.

Die US se Viserektor: Strategie en Internasionalisasie, prof Hester Klopper, het ook die konferensie toegesprek. Sy het uitgelig hoe die US sy navorsers aanmoedig om met universiteite in mede-BRICS-lande te skakel, onder meer deur die **BRICS-samewerkingstoelaag**, wat in 2017 bekend gestel is. Die toelaag bied finansiering om navorsers van oorsee te ontvang, sowel as om studiebesoeke aan ander instellings te bring. Tien toekennings is vanjaar gemaak, in die besonder op die gebied van Fisika, Chemie en Polimeerwetenskap, Aardwetenskappe, Plant- en Dierkunde, Prosesingenieurswese, Sielkunde, Maatskaplike Werk en Teologie.



Figuur 5: Van links, mnr Daoyu Wang (Onderwyssekreteraris: Chinese Ambassade in Suid-Afrika), dr Diane Parker (DHOO), min Naledi Pandor, mnr Gustavo Brechesi Servilha (Brasiliaanse Departement van Onderwys), mnr Sukhbir Sandhu (Departement van Menslike Hulpbronne, Indië) en prof Maxim Khomyakov (Fakulteit Ekonomie, Nasionale Navorsingsuniversiteit, Rusland) by die konferensie. (Foto: Hennie Rudman)

5.2 Die werwing van fondse en vriende oorsee

Lede van die topbestuur het in die verslagtydperk 'n aantal oorsese besoeke onderneem om met vennote, skenkers, alumni en vriende van die Universiteit te ontmoet.

Ek en prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisasie, het in Mei vanjaar Suidoos-Asië besoek waar ons die Going Global-konferensie van die Britse Raad in Maleisië bygewoon en met universiteite in Singapoer, Indonesië en Hongkong ontmoet het. Hierdie besoek het ook 'n geleentheid gebied vir vergaderings met voornemende skenkers in Hongkong en Japan, gevolg deur 'n alumnigeleentheid in **Tokio** op 9 Mei. Dit was die US se eerste alumnigeleentheid in Japan, en voormalige studente het van ver gekom om op hoogte gebring te word.

In **Bonn** op 11 Junie het ek met die Duitse Federale Ministerie van Onderwys en Navorsing sowel as die Alexander von Humboldt-stigting ontmoet. Die ministerie het onderneem om ons van finansieringsgeleenthede in kennis te stel, en die stigting het die US aangemoedig om gebruik te maak van hulle mobiliteitsfinansiering, wat tot dusver 46 van ons personeellede gebaat het.

Ons het daardie selfde aand 'n alumnibyeenkoms in **Brussel** aangebied, waar 39 voormalige studente en vriende van die Universiteit teenwoordig was. Gaste het ingesluit Suid-Afrikaanse graduandi wat in België werk, sowel as Belge wat voorheen aan die US studeer het. My algehele indruk is dat alumni steeds baie positief is teenoor die US, en graag in verbinding wil bly.

Ek en OAB-personeel het van 12 tot 15 Junie met 13 organisasies in **Londen** ontmoet, waaronder verenigings, liefdadigheidsorganisasies, die Britse Hoërhuis, en universiteite. Moontlike finansieringsbronne is geïdentifiseer, navorsingsverhoudings is gebou en versterk, en Imperial College London het 'n versoek vir formele bande met die US gerig. Alumni, VK Trust-raadslede sowel as vennote van die US is ook op 13 Junie op ware Suid-Afrikaanse gasvryheid getrakteer by die US se Eeufeesdinee in Londen, wat deur 60 gaste bygewoon is. Hier het ek geleentheid ontvang om die US se vriende in die VK vir hulle getroue steun te bedank.

Ons het die volgende dag met 30 alumni in **Cambridge** ontmoet. Dit was 'n uitstekende geleentheid om ons reikwydte ook na buite Londen uit te brei. Die groep het US-graduandi in 'n wye verskeidenheid dissiplines ingesluit – van ingenieurswese en geneeskunde tot maatskaplike werk en bestuur. Vir 24 van hulle was dit, so ver hulle kon onthou, hulle eerste interaksie met hulle alma mater sedert hulle graduateer het.

Die voordele van hierdie besoeke realiseer dikwels eers maande later. Na ons ontmoeting met die Lloyd-stigting in November 2017 het ons in Junie vanjaar die nuus ontvang dat hulle **R2,9 miljoen** bewillig het vir die vestiging van 'n **eenheid vir navorsing oor brandingenieurswese** (FireSUN) in ons Departement Siviele Ingenieurswese. Dit is Afrika se eerste universiteitsnavorsingsgroep op die gebied van brandveiligheid. Die span onder leiding van dr Richard Walls sal MEng- en PhD-gradprogramme in brandveiligheidsingenieurswese en strukturele brandingenieurswese aanbied.

Ons het op 16 Julie die heel eerste US-alumnigeleentheid in **Stockholm** aangebied. Ons databasis sluit tans 450 alumni in wat in Swede woon, en met hierdie geleentheid het ons dus na hulle en ander Maties in die Nordiese streek begin uitreik. 'n Wye verskeidenheid voormalige studente het die byeenkoms bygewoon – van jonger alumni wat pas hulle loopbane in Swede begin het, tot party wat die afgelope 20 jaar geen kontak met hulle alma mater gehad het nie. Ek het ook met Sweedse skenkers, vennote en vriende van die Universiteit vergader, onder meer die Wallenbergstigting, die Suid-Afrikaanse ambassade in Swede, staatsagentskappe vir navorsingsfinansiering, liefdadigheidsorganisasies en twee Sweedse universiteite.

Kollegas van OAB het op 27 Julie by my aangesluit vir 'n besoek aan **Windhoek**. Ons het 'n middagete vir Jaarfondsskenkers aangebied en die moontlikheid ondersoek om korporatiewe alumniklubs in Namibië te stig in die lig daarvan dat 'n groot aantal US-alumni 'n kernrol in die ekonomie daar vervul. Ons het daardie selfde aand 'n uiters suksesvolle en opgewekte

alumninetwerkgeleentheid aangebied waar 80 van ons voormalige studente bymekaargekom het. Die US het sterk bande met hierdie noordelike buurland van Suid-Afrika. Die Universiteit het jaarliks gemiddeld meer as 600 ingeskrewe Namibiese studente, en die meer as 5 000 US-graduandi daar sluit sowel Namibiërs as Suid-Afrikaners in. Vroeër die dag het Hartklop FM, die Afrikaanse radiodiens van die Namibiese Uitsaakorporasie, ook met my 'n onderhoud gevoer.

Die US-raadslid prof Johan Fourie van ons Departement Ekonomie het op 26 en 30 Julie openbare lesings in onderskeidelik **New York** en **Boston** aangebied. Die lesings, wat oor die datarevolusie in die ekonomiese geskiedenis van Afrika handel het, is elk deur sowat 30 mense, hoofsaaklik alumni en akademici, bygewoon.

By die skryf van hierdie verslag was die **Londense** Maties-alumnigroep besig met reëlings vir 'n dinee in September met dr Johan Groenewald van die Sentrum vir Studentegemeenskappe as hoofspreker. Hierdie struktuur is een van 'n aantal van ons internasionale alumnigroepe wat in selfstandige netwerkstrukture ontwikkel het.

5.3 Internasionale samewerking

Die **US Museum** het op 27 Junie die uitstalling *Re-stitching Culture* geopen. Hierdie reisende tentoonstelling van tradisionele poppe van Suid-Afrika, Australië en Kanada is deur prof Kate Wells, 'n afgetrede akademikus van die Durbanse Universiteit vir Tegnologie, saamgestel. Prof Marsha Macdowell van **Michigan-staatsuniversiteit** (MSU) het die amptelike opening behartig. Die US Museum en MSU werk tans saam onder die vaandel van 'n projek wat deur laasgenoemde instelling se Alliansie vir Afrikavenootskappe-program gefinansier word.

KGD se gevestigde kortkursus in Sport- en Oefeninggeneeskunde vir nagraadse studente van **KU Leuven** (België) en 'n keuseprogram vir studente van die **Universiteit van Aberdeen** het tot twee publikasies in internasionale wetenskaplike portuurbeoordeelde tydskrifte gelei. Nóg twee wetenskaplike bydraes deur besoekende studente van KU Leuven en Aberdeen is gepubliseer. Hierdie programme word albei in samewerking met ISEM aangebied.

Laastens het die Afdeling Sosiale Impak onlangs 'n werksessie gehou om kernaspekte van samewerking tussen universiteite en gemeenskappe te bespreek. Die fasiliteerder was professor Thomas Bryer van die Skool vir Publieke Administrasie aan die **Universiteit van Sentraal-Florida**.

5.4 Kortkursusse

Die Sentrum vir Leertegnologieë en prof Wim van Petegem van KU Leuven het in Julie weer die kortkursus **"The Digital Scholar"** as deel van die Afrika Doktorale Akademie se winterskool van 2018 aangebied. Hierdie samewerkingskursus, wat vanjaar reeds die vierde keer aangebied is, het uit die uitruilprogram tussen die US en die Belgiese instelling gespruit. Dit is nou aan die ontwikkel in 'n groter projek wat 'n impak op nie net die US nie, maar ook die Afrikavasteland en verder sal hê.



Figuur 6: Deelnemers aan die kursus "The Digital Scholar" by die Afrika Doktorale Akademie se winterskool van 2018, saam met fasiliteerders (van links agter) dr JP Bosman (US se Sentrum vir Leertegnologieë) en prof Wim van Petegem (KU Leuven).

'n Gewilde kredietdraende kortkursus wat al etlike jare deur die Taalsentrum aangebied word, is **“Teaching English as a Foreign Language (TEFL)”**. Hierdie kursus stel studente aan tersaaklike konsepte, beginsels en praktyke vir die leer en onderrig van die Engelse taal bekend, en rus hulle toe met die praktiese vaardighede om vir 'n oorbruggingsjaar oorsee te gaan Engels gee. Die TEFL-kursus is tot onlangs slegs op ons Stellenboschkampus en ook net drie keer per jaar aangebied. Sedertdien is dit na ons satellietkampusse uitgebrei, waar dit nou deur die hele jaar op 'n deeltydse grondslag aangebied word sodat 'n wyer verskeidenheid kliënte kan inskryf.

5.5 Maties Sport in die globale arena

Internasionale vennootskappe: Maties Sport se internasionale voetspoor hou aan groei, en sluit onder meer 'n aantal ontwikkelende vennootskappe met oorsese navorsers in. Die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe (CHPS) en die Universiteit van Limerick werk tans saam aan verskeie akademiese ondersoeke na gholf. 'n Verhouding met die Globale Sportinstituut by die Universiteit van Arizona word ook tans ontwikkel om die tema van ras en sport te verken. Wat sosiale impak betref, sal Maties Sport in 2019 as gasheer optree vir 'n Fulbright-beurshouer van die Statebondsuniversiteit van Virginië wat navorsing sal onderneem oor hoe om dogters in landelike gebiede leierskapsvaardighede deur middel van sokker te leer.

Krieket: Die Matie-krieketspeler Ryan Murray het sy internasionale debuut gemaak as deel van die Zimbabwiese span in hulle wedstryd teen Pakistan.

CUCSA-spele: Vier Matie-atlete en twee Matie-sportbestuurders het in Junie na Botswana gereis om aan die spele van die Konfederasie vir Universiteit- en Kollegesportverenigings (CUCSA) deel te neem. Gardeo Isaacs het silwer in die 400 m gewen, en saam met Wynand du Toit ook goud as lede van die 4 x 400 m-aflosspan. Zani Kruger het silwer in die 1 500 m gewen, en Janke van Wyk goud as lid van die 4 x 100 m-aflosspan.

Fietsry: Twee lede van die Matie-fietsryklub – Max Sullivan en Jacques Lloyd – is gekies om USSA in Julie/Augustus by die internasionale universiteitskampioenskapstoernooi vir fietsry in Portugal te verteenwoordig. Nóg 'n Matie-fietsryer – Gert Heyns – is in Julie as die Suid-Afrikaanse bergfietsmarathonkampioen aangewys.

Sokker: Klublid Janice Smith (nie-student) is in Augustus die eerste keer vir die Banyana-Banyana-groep opgekommandeer. Daarbenewens is die Maties Sport-sokkerspeler Craig Walters as kaptein van USSA se onder-21-span aangewys wat by die Suid-Afrikaanse Voetbalvereniging se nasionale SAB-toernooi vir onder-21's in Julie in KwaZulu-Natal as kampioene uit die stryd getree het.

Gholf: Maties se topgholfspeler Phillip Swanepoel is vir die Suid-Afrikaanse studentespan gekies en het in Mei aan 'n toernooi deelgeneem, waar die span tweede geëindig het.

Hokkie: Maties Hokkie se Ammaarah Hendricks is gekies as die kaptein van die Suid-Afrikaanse onder-18-span wat in 'n reeks teen Australië gespeel en dit uiteindelik gewen het. Vyf Maties is gekies vir die nasionale onder-21-oefengroep vir Augustus se nasionale senior interprovinsiale toernooi vir mans.

Internasionale konferensie oor vroue en sport: Vier Maties Sport-verteenwoordigers het in Mei die Internasionale Werkgroep (IWG) se sewende wêreldkonferensie oor vroue en sport in Botswana bygewoon.

Multisport: Taryn-Maie Wille is gekies om Suid-Afrika by vanjaar se wêreldkampioenskapstoernooi vir velddriekamp van die Internasionale Driekampunie (ITU) in Fyn, Denemarke, te verteenwoordig.

Netbal: Ná die onlangse nasionale kampioenskapsbyeenkoms in Port Elizabeth is Maties se onder-23-klubfrigter Danlee Mathews en hooffrigter Zanele Mgodana onderskeidelik as assistentafrigters van die President-twaalfstal en Fast Five-oefengroep aangewys. Verskeie spelers is by hierdie groepe en die SA-onder-21-span ingesluit.

Parasport: Verskeie lede van die Maties Parasport-klub het die afgelope ruk goed gevaar by byeenkomste in Europa en Tunisië. Studente-atleet Kerwin Noemdo en die veteraan- Paralimpiese deelnemer Zanele Situ het 'n uiters suksesvolle Grand Prix-byeenkoms in Berlyn gehad. Noemdo het brons gewen in die eindronde van die F46-gewigstootitem met 'n Afrikarekord van 13,91 m. Daarmee het hy nou na nommer ses op die wêreldranglys opgeskuif. Situ het op haar beurt goud gewen in die F54-spiesgooi-item, silwer in diskus, en brons in gewigstoot.

Rugby: Vyf Matie-rugbyspelers is opgeneem in die Junior Springbokspan wat van 30 Mei tot 17 Junie in Frankryk aan die Wêreldrugby-toernooi vir onder-20's deelgeneem het. Daarbenewens is drie Maties vir die Suid-Afrikaanse studentespan gekies wat in Julie aan die Wêreldstudentesewestoernooi in Namibië deelgeneem het. Die Suid-Afrikaanse span het die toernooi gewen. Vroeër vanjaar is James Murphy ook in die Blitsbokgroep opgeneem om aan die HSBC-wêreldreekstoernooi in Hongkong deel te neem.

Swem: Afgesien van Christian Sadie en Emma Chelius se deelname aan die Statebondspele, is Michelle Weber en Darren Minnies (nie-studente) by die Suid-Afrikaanse senior span vir die Afrika-oopwaterkampioenskapsbyeenkoms ingesluit. Eric le Roux (student) en afrigter Cedric Finch is op hulle beurt ingesluit by die Suid-Afrikaanse junior span vir FINA (die internasionale watersportfederasie) se internasionale junior oopwaterkampioenskapstoernooi.

Waterpolo: Die studente Lwazi Madi en Jordan Rumbelow is opgeneem in die Suid-Afrikaanse senior span vir FINA se Wêreldbekerwaterpolotoernooi vir mans in Duitsland. Christine Abrahamse en Georgia Moir is ingesluit by die nasionale senior span vir die Wêreldbekervrouebyeenkoms in Rusland. Laastens is Tasmin Waite gekies as deel van die junior span om ons land by die FINA-jeugwêreldkampioenskapsbyeenkoms vir vroue in Serwië te verteenwoordig.

6. Bevordering van sistemiese transformasie

Sistemiese transformasie is een van sewe institusionele strategieë wat in ons *IP 2018–2023* uiteengesit word. Om transformasie as sistemies te beskou impliseer dat alle aspekte van die universiteitslewe by die transformasie- en vernuwingsproses betrokke is, en terselfdertyd tot die transformasie van die samelewing bydra.

6.1 Diensbillikheid

Om die strategiese beginsel van uitnemendheid deur diversiteit te bevorder, het die US 'n omvattende Diensbillikheidsplan ingestel wat personeeldiversiteit aanmoedig en sorgvuldig moniteer. Belangrike ontwikkelings in die verslagtydperk was die goedkeuring van die US se plan deur die Departement van Arbeid, sowel as die volledige integrasie van die diensbillikheidsportefeulje by Menslike Hulpbronne. Die Departement Arbeid en die US se Advieskomitee oor Diensbillikheid moniteer vordering met die inwerkingstelling van die plan.

Ook op die gebied van diensbillikheid word die **Kode vir Bestuurspraktyke** insake die Bevordering van Diensbillikheid, Diversiteit en Redelike Voorsiening vir Persone met Gestremdhede tans hersien. Dit sal vir goedkeuring aan die Raad voorgelê word.

Die Direkteur: Diensbillikheid, die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne en die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel onderneem sedert Maart besoeke en gesprekke oor die **diensbillikheidsmikpunte, -doelwitte en -intervensies** in verskillende US-omgewings. Die gesprekke draai om die vasstelling van kontekstuele, vooruitstrewende en realistiese diensbillikheidsmikpunte en -verbintenisse oor die verskeie omgewings heen (gedagtig aan begrotingsbeperkings en ander diensbillikheidshindernisse) en verskillende maniere om dit te help verwesenlik.

6.2 Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG)

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG) lewer dienste aan personeellede en studente om onbillike diskriminasie en seksuele teistering te bekamp. Die Eenheid se koördineerder van programme teen

geslagsgeweld ontwikkel ook 'n studentehandleiding vir opleiding oor verkrachtingskultuur, en stel memoranda van verstandhouding met verskillende omgewings op. Voorts is die ontwikkeling van die US se eerste studenteklimaatopname oor geslagsgeweld nou voltooi. Die opname word vir Oktober beplan.

Personeel en studente vind steeds baat by die Eenheid se bemiddelingsprogram vir geskil- of konflikbeslegting. Sestien personeellede van verskillende omgewings is gedurende die verslagtydperk as bemiddelaars opgelei.

In samewerking met Diensbillikheid in Menslike Hulpbronne sowel as die Eenheid vir Gestremdhede werk EvG ook aan 'n **aanlyn kursus oor maatskaplike geregtigheid** vir alle US-personeel. Die kursus sal uit ses modules bestaan wat onderwerpe soos MIV/vigs, diensbillikheid, onbillike diskriminasie, seksuele teistering, geslagsgeweld, seksualiteite, universele toegang en gestremdheid aanroer. Desember is as die teikendatum vasgestel.

6.3 Vrouemaand

Aangesien Suid-Afrikaners jaarliks Vrouedag op 9 Augustus vier, vind verbandhoudende geleenthede gewoonlik deur die hele maand plaas. 'n Hoogtepunt in hierdie verband by die US was die vroueviering wat die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) op 24 Augustus gereël het.

Die Fakulteit het invloedryke vroue van die US en uit die groter Suid-Afrikaanse samelewing genooi om oor hulle ervarings te kom gesels. Sprekers het ingesluit **prof Hester Klopper** (die US se Viserektor: Strategie en Internasionalisasie), **me Geraldine Fraser-Moleketi** (voormalige minister van die staatsdiens en administrasie, en tans kanselier van Nelson Mandela Universiteit), **prof Thuli Madonsela** (voormalige Openbare Beskermer en huidige bekleër van die leerstoel in maatskaplike geregtigheid in die US se Fakulteit Regsgeleerdheid), **me Ntsiki Biyela** (wat die land se eerste swart vrouewynmaker geword het nadat sy in 2003 'n BSc in Landbou aan die US verwerf het), **me Pulane Kole** (hoof van die stelsel vir sosio-ekonomiese impakstudie in die nasionale Departement van Beplanning, Monitoring en Evaluering) en **prof Ingrid Woolard** (Dekaan: EBW).

[Klik hier](#) vir video-opnames van hulle insette.

6.4 Innoverende nuwe US-module bevorder diversiteit onder studente

'n Nuwe, interdisiplinêre module, "Gender-, kultuur- en godsdiensdiversiteit", werp vrugte af in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe. Die module is tans slegs beskikbaar vir studente in die Verlengde Graadprogram (VGP), maar daar is al heelwat versoeke ontvang om dit na 'n groter gehoor uit te brei.

VGP-studente voltooi hulle eerste akademiese jaar oor twee jaar. Dit bied hulle die geleentheid om uitgebreide skryfsteun te ontvang en met verrykte kurrikuluminhoud om te gaan ten einde hulle wêreldbeskouings te verbreed.

Volgens dr Anita Jonker, VGP-koördineerder en -dosent, beoog die module om die kompleksiteite van godsdiens, gender en kultuur in die samelewing aan te roer en studente toe te rus om **in uiteenlopende omgewings krities en kreatief te dink**.

Die module sluit lesings deur gasdosente van die departemente Praktiese Teologie en Missiologie sowel as Sosiologie en Sosiale Antropologie in. Engels/Afrikaans-tolke word in alle lesings gebruik, en aangesien een van die dosente 'n Xhosa-moedertaalspreker is, kan studente vrae in enige van die Wes-Kaap se drie amptelike tale vra.

6.5 Samewerking met Walter Sisulu Universiteit

In 'n samewerkingsinisiatief tussen die US se FVZS Instituut en Transformasiekantoor, en Walter Sisulu Universiteit (WSU), is nege US-studente gekies om aan 'n jeugleierskapsgesprek met WSU-

studenteleiers op **Qunu in die Oos-Kaap**, waar voormalige president Mandela grootgeword het, deel te neem. Dit het deel uitgemaak van die eeufeste van sowel die US as Nelson Mandela. Die studente het oor hulle visie vir Suid-Afrika gesels en ook die aansienlike verskille in die studentelewe by die twee universiteite uitgelig. Hulle het 'n dokumentêr oor hulle interaksie gemaak om met hulle onderskeie instellings te deel. Die US het die film vertoon by 'n Diskoerskafee wat die FVZS Instituut by die US Museum aangebied het.

6.6 Visuele regstelling

'n Staande komitee oor visuele regstelling handel tans 'n **konsepbeleid oor visuele regstelling** (met inbegrip van prosedures) af. Die beleid is bedoel om prosesse vir visuele regstelling (onder meer dié vir die naamgewing en naamsverandering van geboue en lokale) op alle US-kampusse te ondersteun, te versterk en te laat vlot.

Die komitee het ook begin met die implementering van 'n plan vir visuele regstelling wat die Rektorat goedgekeur het. Die eerste implementeringsfase sluit in:

- die aanbring van 'n Eeufees-inskripsie op die mure langs die US Biblioteek;
- die installering van bykomende (permanente en tydelike) kuns op die Rooiplein;
- die kontekstualisering van standbeelde en ou Vlakke-huise;
- die uitbreiding van inligtingsborde op kampus (onder meer gebouname); en
- die oprigting van bykomende bankies op die hoofkampus met inskripsies in 12 tale.

6.7 Kalender van strategiese skakeling

Die [kalender van strategiese skakeling](#) rig interaksie met belanghebbendes (veral personeellede en studente) aan die US deur nasionale dae en aktuele kwessies met die instelling se strategiese prioriteite te verbind. Die temas vir Mei tot Julie het Afrika-, Jeug-, Mandela- en Vrouedag ingesluit.

Die Transformasiekantoor het op 25 Mei steun verleen en deelgeneem aan 'n **Afrikadagsimposium** wat deur die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aangebied is. Temas het ingesluit tussengenerasiegesprekke oor aktivisme en dekolonisasie, navorsingsamewerking en vennootskappe op die Afrikavasteland, en ervarings van institusionele samehorigheid.

Die Junie-tema van "**Jeuginnovasie en -uitnemendheid**" is bekend gestel deur middel van spesiale personeel- en studenteuitstappies na die teaterproduksie *The Fall*. Die Transformasiekantoor het 60 studente en personeellede van verskillende fakulteite en steundienstafdelings genooi om dit by te woon. Dié hoog aangeskrewe produksie is gegrond op die ervarings en innerlike stryd van jeugleiers in die Rhodes Must Fall-beweging van 2015.

Sien 4.7 en 6.3 hierbo vir onderskeidelik **Mandela- en Vrouedagaktiwiteite**.

6.8 Verslagdoening oor transformasie

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) het 'n gestandaardiseerde templaot vir die indiening van **transformasieplanne en -verslae** deur hoëronderwysinstellings uitgereik. Die US se Transformasieplan is aan die hand van hierdie templaot aangepas en in Junie by die DHOO ingedien. Die templaot fasiliteer die interne en eksterne versoening van transformasiedoelwitte en mikpunte, en sal toekomstige sinergie in die monitering en aanmelding van transformasievordering en -tekorte heelwat verbeter. Die voltooide Transformasieplan sal aan alle US-omgewings beskikbaar gestel word.

6.9 Werksessies oor transformasie

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het sy samewerking met die Transformasiekantoor uitgebrei om 'n reeks transformasiewerksessies vir personeellede aan te bied. Die reeks is by die US Bestuurskool herhaal, en sal vir die res van die jaar in parallelle sessies aangebied word. Die US Biblioteek, die Ukwanda Sentrum vir Landelike Gesondheid en die Afdeling

Finansies het van Mei tot Julie personeeltransformasiesessies gehou. Daarbenewens is die transformasievaardigheidsprogram vir personeel, “Embracing a new normal”, met welslae van 12 tot 14 Julie aangebied. Honderd personeellede het gedurende die oorsigtydperk die opleiding- en gespreksessies van die Transformasiekantoor bygewoon.

Die Transformasiekantoor sal voortgaan om met die res van die instelling saam te werk om volhoubare metodes te identifiseer om personeel en studente se **transformasievaardighede** te verbeter, ’n instaatstellende en inklusiewe institusionele kultuur te bevorder, en steun toe te sê aan innoverende kurrikulumontwikkeling, visuele regstelling en demokratiese oorsigbestuurstrukture.

6.10 ‘Deadly Medicine’-uitstalling

Die US Museum het van April tot Junie die reisende tentoonstelling *Deadly Medicine* in samewerking met die Kaapstadse Joodse Volksmoordsentrum aangebied. Die uitstalling verken die netelige onderwerp van rassekunde. As deel van die uitstalling is ses verbandhoudende seminare en praatjies ook gereël. Van die temas wat by die seminare bespreek is, het ingesluit mediese verantwoordbaarheid, gestremdheid en menseregte. ’n Opvoedkundige program met die oog op hoërskoolleerders is ook aangebied. Die uitstalling en sy gepaardgaande geleentheid het ’n gehoor van 1 211 mense bereik. Dit is die meeste tot nog toe vir ’n enkele uitstalling by die US Museum.

6.11 Maties Sport

Altesaam 40 hoëprestasiebeurse vir geïntegreerde geneeskunde en wetenskap (IMAS) is in 2018 toegeken. Die ontvangers sluit 30 studente uit die bruin, swart, Indiër- en Asiër- (BSIA-)groepe in. ’n IMAS-beurs word toegeken aan atlete wat in hulle sport uitblink. Dit stel begunstigdes in staat om hulle prestasies verder te verbeter deur geïntegreerde intervensies op die gebiede van sportgeneeskunde, prestasieverbetering en bemagtiging.

Maties Sport het ook verskeie nuwe kollegas verwelkom, wat die diversiteitsprofiel van sy personeelkorps aansienlik verander het.

7. Verbetering van sistemiese volhoubaarheid

Volgens die *IVS 2013–2018* is die verbetering van die US se sistemiese volhoubaarheid ’n fokusgebied van die Universiteit. Volhoubaarheid word in die *IP 2018–2023* omskryf as ’n sistemiese begrip wat verband hou met die kontinuïteit van ekonomiese, maatskaplike, institusionele en omgewingsaspekte van die menslike samelewing. Ons erken ook dat die noodsaaklike werksaamhede van ’n hoëronderrysinstelling minstens ekologies regverdigbaar, sosiaal billik en ekonomies lewensvatbaar moet wees – nie net nou, maar ook vir toekomstige geslagte.

7.1 Parlement wens US geluk met eeuwording

Die Parlement het die Universiteit Stellenbosch (US) geluk gewens met sy eeuwording vanjaar, en erkenning gegee aan die instelling se “bydrae as ’n nasionale bate en sy besliste en bestendige vordering met betrekking tot die bevordering van veeltaligheid, die uitbreiding van toegang, die verhoging van sy sosiale impak en die bevordering van transformasie”.

’n Mosie in dié verband is op Donderdag, 23 Augustus 2018 gestel deur mnr Andricus van der Westhuizen, ’n parlamentslid wat ook op die US-raad gedien het tot verlede maand.

In die mosie word gemeld dat die US, “sedert sy totstandkoming uit die Victoria Kollege op 2 April 1918 deur middel van ’n Wet van die Parlement ’n toonaangewende hoëronderrysinstelling geword het wat ’n belangrike bydrae tot menslike ontwikkeling in ons land, op ons vasteland en in die res van die wêreld lewer.”

Voorts het die Parlement kennis geneem dat “hoewel die Universiteit sy vele suksesse en prestasies van die afgelope honderd jaar vier, hy ook sy bydrae tot die onreg van die verlede erken en diep

berou, en verantwoordelikheid teenoor huidige en toekomstige generasies aanvaar deur hom onvoorwaardelik tot die ideaal van 'n inklusiewe wêreldklasuniversiteit in en vir Afrika te verbind”.

Die mosie is eenparig deur die Nasionale Vergadering aanvaar.

7.2 Nuwe visie en strategiese raamwerk vir die US

Die US het 'n nuwe visie, wat die instelling posisioneer om “**Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit**” te word wat “**wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word**” en wat “**kennis tot diens van die samelewing bevorder**”.

Dit is op 18 Junie saam met 'n nuwe strategiese raamwerk deur die Raad goedgekeur, en op 24 Julie by 'n personeelbyeenkoms bekendgestel, soos in die inleiding hierbo genoem. Ons nuwe *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* vervang die Universiteit se bestaande *Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018*, wat aan die einde van die jaar verstryk.

Die nuwe raamwerk is oor 'n tydperk van twee jaar deur middel van 'n inklusiewe proses onder leiding van prof Hester Klopper, VR:SI, ontwikkel. Vyf taakgroepe het verskillende aspekte ondersoek (waardes; navorsingstemas; vorm en grootte; beurse en lenings; prestasieaanwysers). Personeellede en studente is oor die US se waardes geraadpleeg, en die Institusionele Forum en Senaat het kommentaar gelewer en uiteindelik ook die dokument by die Raad aanbeveel.

Om ons nuwe visie te verwesenlik, sal die US van 2019 tot 2024 **ses kern strategiese temas** nastreef:

1. 'n transformerende studente-ervaring;
2. genetwerkte en samewerkende onderrig en leer;
3. navorsing vir impak;
4. doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke;
5. 'n voorkeurwerkgever in die hoërondewyssektor; en
6. 'n florerende Universiteit Stellenbosch in die geheel.

Die US se nuwe visie en strategiese raamwerk is teen die agtergrond van Suid-Afrika se Nasionale Ontwikkelingsplan, die Afrika-unie se Agenda 2063 en die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte opgestel. Die Universiteit wil in die behoeftes van Afrika se al hoe groter bevolking voorsien – nie slegs in die klaskamer nie, maar ook op digitale platforms. Die klem sal val op die bevoegdhede en vaardighede wat nodig is om studente vir die toekoms toe te rus.

Ons wil nuwe lewe blaas in alle fasette en funksies van ons instelling. Ons wil meer soepel en aanpasbaar word as instelling. Wat in die wêreld gebeur, beïnvloed ons, en wat hier gebeur, is van belang vir die wêreld. Ons nuwe visie en strategiese raamwerk neem ons saam vorentoe.

[Klik hier](#) om *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* af te laai, [hier](#) om meer te lees oor die proses waarmee dit ontwikkel is, en [hier vir 'n video](#).

7.3 Begroting 2018 gewysig

Die Raad het die US se begroting vir 2018 op 27 November 2017 goedgekeur. Die Rektor sowel as die voorsitter en ondervoorsitter van die Raad het magtiging ontvang om die begroting te wysig indien 'n verskil tussen die begrote en werklike staatsubsidie vir 2018 dit sou vereis.

Die Minister het die US teen die einde van Desember 2017 in kennis gestel dat die totale bloktoekenning R15,561 miljoen minder sou wees as waarvoor die Universiteit in sy begroting vir 2018 voorsiening gemaak het. Om grootskaalse besnoeiings te verhoed, het die Rektooraat goedkeuring verleen dat die strategiesefondstoekenning vir 2018 gebruik word om die impak van die laer subsidie te absorbeer.

Tog het die Universiteit in April 2018 onverwags weer 'n ministeriële brief ontvang wat die toekenning van Desember 2017 wysig en dié keer 'n totale **bloktoekenning van R105,08 miljoen meer as in die begroting** vir 2018 aan die US toesê. Die strategiesefonds-begroting vir 2018 kon

gevolglik herstel word. Die DHOO het bevestig dat die bykomende bloktoekenning op 'n oordraggrondslag in die volgende jare gehandhaaf sal word.

Weens die onverwags groot afwyking van die begrote subsidie mét 'n oordrageffek is daar besluit om die US se begrotingsmodel te gebruik om die subsidie aan die verskillende komponente van die hoofbegroting toe te ken. Dit het ook ingesluit die konsekwente toepassing van die begrotingsmodel vir die toekenning van elke fakulteit se deel.

Die toepassing van die begrotingsmodel het die volgende verdeling tussen die vier blokke van die hoofbegroting opgelewer:

Begrotingskomponent	Randbedrag	Persentasie van bykomende subsidie
Strategies	R3,21 m	3,05%
Institusioneel	R30,7 m	29,2%
Steundienste	R21,1 m	20,1%
Fakulteite	R50,1 m	47,7%

Tabel 3: Verdeling van fondse tussen die vier blokke van die hoofbegroting

Aangesien die institusionele begroting vir 2018 behoorlik gemotiveer was en die kostefaktore onveranderd gebly het, is die gedeelte wat na die institusionele begroting toe moes gaan (R30,7 m) by die strategiese fonds vir 2018 bygevoeg. Van daar af kan dit ooreenkomstig die reëls en prosedures vir daardie fonds toegeken word.

Die Rektor, voorsitter en ondervoorsitter van die Raad het die voorgestelde hantering van die bykomende subsidie ingevolge die delegasie van die Raad goedgekeur.

7.4 Fakulteitvernuwingstrategie

Die Rektooraat het dit verlede jaar as 'n strategiese prioriteit vir die Universiteit gestel om 'n vernuwingstrategie vir twee van die US se fakulteite – Opvoedkunde, en Lettere en Sosiale Wetenskappe – te ontwikkel. 'n Proses het gevolglik ontvou om hierdie fakulteite te ondersteun, met 'n bepaalde klem op sistemiese volhoubaarheid.

By ons vorige vergadering het die Raad 'n vorderingsverslag ontvang van prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisasie, wat aan die stuur van die proses staan. Sy het die Raad verseker dat die Rektooraat bewus is van die strategiese waarde van Opvoedkunde én van Lettere en Sosiale Wetenskappe vir die Universiteit en die land in die geheel, gedagtig aan die US se kernrol in die samelewing. Akademiese oorwegings sal voorrang geniet in die vernuwingsproses.

Stappe tot op hede sluit in kommunikasie met die twee fakulteite, die sameroeping van 'n stuurkomitee, die aanstelling van 'n projektkonsultant om 'n ontleding en aanbevelings te doen, en die vestiging van vier werkgroepe in elke fakulteit om onderskeidelik aandag te skenk aan:

- akademiese programvernuwing;
- studente-inskrywings, -graduering en -navorsingsuitsette;
- akademiese en personeelsake (toewysing, getalsverhoudinge en tendense); en
- finansiële sake.

Prof Klopper sal ons weer op hoogte van sake bring tydens die Raadsvergadering op 26 September.

7.5 US-maatskappye

Die US se maatskappye-groep (via [Innovus](#)) het nou **267 personeellede** in diens en het in 2017 'n algehele **omset van R226 miljoen** gehad. Boonop ondersteun die Nedbank US [LaunchLab](#) tans meer as 60 maatskappye (sowel US-afwentelmaatskappye as beginnerondernemings van buite).

Die vestiging van 'n span ter ondersteuning van **konferensies en geleenthede by die US** vorder fluks. Hierdie inisiatief gaan hand aan hand met die Fasiliteitsverhuringsfunksie van [SUNCOM](#).

Die geleentheidsteunspan sal 'n proaktiewe diens lewer om meer konferensies en geleenthede na die US te bring, wat op sy beurt die vraag na lokale van Fasiliteitsverhuring sal verhoog.

SUNKOM het in 2017 'n allemintige 44 650 000 afdrukke vir kopieer- en drukwerk op 480 toestelle verkoop, 14 745 m² in kleinhandelruimte onder sy bestuur gehad, meer as 3 761 000 voorafbespreekte etes aan studente verkoop, en bykans 8 000 koshuisbeddens bestuur.

Innovus sit sy werk voort om 'n formele onderneming tot stand te bring uit [Sein Media](#), die pas gestigte afwentelmaatskappy in die Departement Musiek wat in rolprentklankbane en musiekopnames spesialiseer.

'n Ander US-afwentelmaatskappy, [Custos](#), is aktief besig met fondswerwing. Terselfdertyd ondersoek [Bridgiot](#) (prof Thinus Booysen) geleenthede om hulle produkaanbod te diversifiseer, terwyl CubeSpace (prof Herman Steyn) in Julie 2018 as 'n maatskappy ingelyf is. [SNC](#) (Stellenbosch Nanofiber Company) het hulle eerste gereelde kliënt bekom, en [Sun Magnetics](#) (prof Coenrad Fourie) het in Junie die NSTF-innovasieprys vir klein, middelslag- en mikro-ondernemings gewen (sien 3.1 hierbo).

7.6 STIAS-verslag

Die Raad het in Maart besluit om nóg 'n vyfjaarsiklus van finansiering aan die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) toe te ken om die Instituut se gesamentlike finansiering van twee Sweedse instellings – die Knut & Alice Wallenberg- (KAW-) en die Marianne & Marcus Wallenberg- (MMW-)stigting – te ewenaar.

STIAS het in April aan die Rektoraat verslag gedoen. Die Instituut het in 2017 ook finansiering van die Trellis-liefdadigheidstrust (vir projekte op die gebied van fundamentele fisika) en die Donald Gordon-stigting (vir die besoek van prof Joseph Stiglitz, Nobelpryswenner vir ekonomie) ontvang.

Die 82 genote en 16 besoekende akademië by STIAS in 2017 het vier Stellenbossers en 14 akademië/skrywers/openbare figure van elders in Suid-Afrika ingesluit. STIAS het sedert 2008 reeds ongeveer 700 genote ontvang, van wie ongeveer 75% van buite Suid-Afrika afkomstig was. Daarmee dra die Instituut aansienlik tot internasionalisasie op Stellenbosch by. Tien STIAS-genote het in 2017 van ander Afrikalande gekom. (Gaan na www.stias.ac.za/fellows-of-stias/fellows-2018 vir die jongste genotelys.)

Vyf **jong navorsers uit Afrika** het in 2016 baat gevind by STIAS se Iso Lomso-program vir vroeëloopbaansteun, en 'n verdere vier aansoekers met goeie projekvoorstelle is na die Instituut genooi. In 2017 het die program nege jong navorsers ondersteun.

STIAS het die afgelope drie jaar **30 PhD-beurse** ten bedrae van R400 000 elk (versprei oor drie jaar) aan US-studente beskikbaar gestel. By ons gradeplegtighede in Desember 2017 en Maart 2018 het sewe uit die tien studente van die kohort van 2015 hulle **doktorsgrade** ontvang (drie van Zimbabwe, twee van Suid-Afrika, en een elk van Madagaskar en Tanzanië). Een Suid-Afrikaanse student van daardie kohort het reeds in Maart 2017 graad ontvang, en 'n verdere twee sal na verwagting in Desember vanjaar graduateer.

STIAS dra ook direk tot die US se **navorsingsuitsette en inkomste** uit publikasiesubsidies by. Twee boeke in die STIAS-reeks (uitgegee deur SUNMeDIA) is in 2017 gepubliseer en vier verdere volumes word tans afgehandel. Nog 21 boeke en vyf boekhoofstukke het die lig gesien, sowel as 58 navorsingsartikels (volledige lys by www.stias.ac.za/publications/publications-2017).

Die Instituut maak nie aanspraak op die subsidie-inkomste van outeurs verbonde aan enige Suid-Afrikaanse universiteit nie. Nietemin is die subsidieverdienste uit die ander outeurs aansienlik: Vir publikasies in 2017 het STIAS R203 928 ontvang, teen R10 534 per publikasie-eenheid (soos tans vir enige departement in die US se subkomitee A-omgewing). Die balans van ongeveer R1,78 miljoen (19,36 publikasie-eenhede teen R102 556 per eenheid) was inkomste vir die US. Alle publikasies en

die gepaardgaande databasisse word direk met outeurs van buitelandse universiteite verbind (tuisaffiliasies verskyn ook op die publikasies), wat 'n positiewe impak op die US se plek op die **ranglyste** het. STIAS se direkte finansiële bydrae tot die US deur PhD-beurse en navorsingsuitsette was soos volg:

Kategorie	2017
PhD-beurse (R12 miljoen oor vyf jaar)	R2,8 m
Publikasiesubsidie	R1,78 m
Totaal	R4,58 m

Tabel 4: STIAS se finansiële bydraes tot die US

Hierby kom die staatsubsidie van ongeveer R2 880 000 wat die US vir die agt PhD-afgestudeerdes in Desember 2017/Maart 2018 sal ontvang. 'n Verdere 14 studente sal na verwagting teen Desember 2018 gradueer.

7.7 Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge

7.7.1 Skakeling met alumni en skenkers

Die Eeufeesuitgawe van die [Matieland](#)-jaarblad, wat in Augustus uitgegee is, is onder 'n groter alumngroep as gewoonlik versprei, onder meer byna 30 000 eksemplare aan alumni bo 60-jarige ouderdom in Gauteng en die Wes-Kaap. *Matieland* vul die [Matiestemme](#)-kommunikasieveldtog aan, wat van sosiale en ander elektroniese media gebruik maak om te spog met honderd 21^{ste}-eeuse alumni wat op verskillende terreine en in verskeie rigtings wêreldwyd baanbrekerswerk doen.


'n Jaarlikse alumnbiteenkoms is op 20 Augustus in **Johannesburg** aangebied (benewens die jaarlikse gholfdag van die Gautengse Matiesgholfklub by Randburg-gholfklub in Junie). Die 174 alumni wat dit bygewoon het, het die meeste fakulteite en ouderdomsgroepe verteenwoordig. Verteenwoordigers van die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies, die Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese sowel as ander kollegas was ook by hierdie joviale geleentheid. Om met die Gautengse besoek saam te val, het OAB op 22 Augustus die Gautengse Eeufeesskenkersdinee by The Court House, die woning van die US se Kanselier in Sandton, aangebied. Onder die gaste was verteenwoordigers van Nuffic, die Nederlandse organisasie vir internasionalisasie in die onderwys; IrishAid, AusAid, die Konrad Adenauer-stigting, die Friedrich Naumann-vryheidstigting, die Oppenheimer-gedenktrust, individuele donateurs van groot skenkings aan die Universiteit, korporatiewe finansiers en ander sleutelvennote van die Universiteit.

Op 6 September het ek Durban besoek om met alumni en 'n aantal van die Universiteit se vernaamste skenkers daar te ontmoet. Ook in September beplan die US se Bedryfshoof, prof Stan du Plessis, om alumni in die Bolandstreek by 'n byeenkoms op ons Ukwanda-kampus op Worcester toe te spreek.

7.7.2 Skenkings aan die US

2012 tot 2017

Ons het in April soos volg aan die Stellenbosch Trust verslag gedoen. Die syfers toon 'n bestendige toename in die skenkings wat ontvang is sedert 2012. Die syfer vir 2017 sluit die groot DW Ackermann-erflating in.



Figuur 7: Totale skenkings 2012–2017

2018 vergeleke met 2017

Skenkings vir die sewe maande van Januarie tot Julie 2018 het op R179,9 miljoen te staan gekom. Dit is 12,4% meer as in die ooreenstemmende tydperk in 2017.

	Jan-Jul 2017	Jan-Jul 2018	% Δ
Internasionaal	R39 620 213,82	R34 918 175,86	-11,9%
Nasionaal	R82 594 378,44	R88 019 233,18	6,6%
Erflatings	R15 757 425,77	R23 494 479,03	49,1%
Individueel ≥R50'	R20 937 865,17	R31 201 721,69	49,0%
Jaarfonds	R1 095 779,76	R2 261 417,94	106,4%
TOTAAL	R160 005 662,96	R179 895 027,70	12,4%

Tabel 5: Skenkings aan die US, Januarie tot Julie 2017 en 2018, per kategorie

'n Vergelyking van skenkings deur die topskenkers in elke kategorie vir die eerste ses maande van die onderskeie jare bring die volgende aan die lig:

- Internasionale skenkings is 11,9% minder, hoofsaaklik omdat daar tot dusver vanjaar nog net R3,9 miljoen van die Moshal-beursprogram ontvang is vergeleke met R6,8 miljoen in 2017.
- Skenkings van die Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS) is minder, ofskoon dit weens 'n rekeningkundige aanpassing is. Die syfer sal na verwagting teen die einde van die jaar weer stabiliseer.
- Nasionale skenkings is 6,6% meer.
- Erflatings is 49% meer as gevolg van R7,1 miljoen wat in Februarie 2018 van die Harry Crossley-stigting ontvang is, en die erflating van R1 169 834 deur Henk Seymore, 'n individuele skenker, vir studiebeurse in die Departement Visuele Kunste.
- Individuele skenkings is 49% meer, hoofsaaklik weens 'n toename in skenkings van individue met 'n hoë netto waarde (HNWI's) in 2018.

7.7.3 Vergelykende beoordeling van US se fondswerwingsprestasie

Die [jaarlikse opname oor filantropie in die hoër onderwys](#) bied vergelykende inligting oor die stand van filantropiese steun vir universiteite in Suid-Afrika. Dit word deur EduActive Solutions namens Inyathelo, die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bevordering, onderneem. Twaalf van die 26 openbare universiteite in Suid-Afrika het aan die opname van 2017 deelgeneem – onder meer die US, vir die eerste keer. Ons prestasie is dus nou met ons eweknieë s'n vergelyk.

Die opname het saamgestelde data vir 2016 gebruik wat deur die deelnemers self voorsien is. Dit fokus hoofsaaklik op die aantekening en ontleding van die inkomste wat Suid-Afrikaanse universiteite uit filantropiese skenkings en toekennings ontvang. Finansiering van die sektorale onderwys- en opleidingsowerhede word apart vasgelê. Meer spesifiek ondersoek die opname hoeveel die universiteite direk daaraan bestee om hierdie tipe inkomste te werf, waaronder die personeel- en bedryfskoste van hulle kantore vir fondswerwing/ontwikkeling en alumnibetrekkings.

Dit is vir my aangenaam om verslag te doen dat die US in 2016 uiters goed gevaar het. Ons het die **hoogste vlak van skenkersinkomste** van enige instelling in die steekproef aangeteken, en was ook die toppresteerder in die afdelings vir individuele skenkings, burgerlikesamelewingskenkings, erflatings, sowel as goedereskenkings.

Origens het die US sowel die mediaan as die gemiddelde vir alle aanwysers verreweg oortref. Ons Afdeling Ontwikkeling en Alum nibetrekkinge (OAB) het 'n uitmuntende **koste:inkomste-verhouding van 5c per rand ontvang** gehandhaaf, wat heelwat laer is as die gemiddelde van 54c en die mediaan van 14c.

Vergelykende beoordeling is baie belangrik om sektorwye relevansie en prestasie te bepaal. Hierdie opname bewys dat die US op bedryfsvlak weliswaar die toon aangee wat fondswerwing by universiteite in Suid-Afrika betref.

7.7.4 Skarefinansieringsriglyne

OAB het [riglyne](#) ontwikkel vir individue of projekte wat by die US geaffilieer is en skarefinansieringsveldtogte van stapel wil stuur. Die dokument beskryf die nodige goedkeurings en prosesse om 'n veldtog ooreenkomstig die US se beleide en stelsels aan te voor.

Die riglyne is van toepassing op:

- US-personeellede, -administrateurs en ander individue wat hulle met die US vereenselwig en by die US geaffilieer is, waaronder alumni en ouers;
- eksterne groepe, klubs, koshuise en organisasies wat by die US geaffilieer is en daarop aanspraak maak dat hulle die US of 'n US-groep verteenwoordig en/of namens die US of 'n US-groep geld insamel deur 'n skarefinansieringsveldtog, soos die SR en US Koor; en
- studente (sowel voor- as nagraads) wat skarefinansiering gebruik vir projekte/veldtogte wat navorsing, studietoere of skeppende werk behels.

7.8 Bekamping van voedselonsekerheid op ons kampusse

Voedselonsekerheid en 'n tekort aan die mees basiese items is al hoe algemener onder studente in Suid-Afrika. Hoewel uitgebreide finansiële steun toegang tot die hoër onderwys verbreed, dek dit steeds nie alle basiese koste nie. Finansieringsperke op komponente soos klasgeld, huisvesting en kostoelaes lei tot tekorte, waarvoor studente self moet instaan. Studente ervaar die grootste nood aan die begin van die jaar, wanneer hulle op finansieringsgoedkeuring wag, en voor die jaareindeksamens, wanneer toelaes begin opraak.

Volgens die maatskaplike werker op Stellenboschkampus, Lizzie Witbooi van die US se Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling, is voedselonsekerheid aan die toeneem. Sy het in 2015 die projek [Vouch4US](#) van stapel gestuur om koopbewyse te voorsien aan studente wat kos en ander basiese items nodig het ([kyk video](#)). Sowat 300 studente is verlede jaar op dié manier bygestaan; vanjaar het bykans 200 studente reeds om hulp kom aanklop, en dít net in die eerste semester.

Nóg 'n inisiatief wat hierdie probleem sedert 2015 by die US help hanteer, is die Tygerberg-kosspens ([klik hier](#) vir 'n video), die geesteskind van studente in ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Volgens koördineerder Lee Baatjes, 'n MB,ChB-student, gaan die projek oor méér as kosskenkings; dit "bevorder 'n kultuur van empatie en deernis onder ons studente".

Die SR beywer hom nou ook vir hierdie saak met sy [#Move4Food-veldtog](#). Dié studente-inisiatief beoog om voedselbanke op ons Stellenbosch- en Tygerbergkampus op die been te bring. Hulle grootse mikpunt is om R10 miljoen se skenkings (kontant en goedere) te werf om te sorg dat nie een van ons studente honger ly nie.

Die veldtog word ondersteun deur OAB, wat nie net leiding en bystand bied nie, maar die projek ook by die Universiteit se Eeufesfondswerwingsveldtog, **#SU100**, ingesluit het. #SU100 spruit uit verlede

jaar se suksesvolle #SU99-veldtog, wat meer as R1 miljoen ingesamel het om studieskuld te verlig, en die #Maties100-projek, wat deur middel van die [Kaapstadfietsstoer](#) studentebeursgeld gewerf het. Meer as 50 personeellede, studente, alumni en vriende van die Universiteit het op 11 Maart vanjaar saam met my die 109 km van die fietsren aangepak, en ons het van ewekniefondswerwing op die GivenGain-platform gebruik gemaak om ons impak te vergroot.

Nou word ek wéér ingespan om te sweet vir 'n goeie saak! Ek het US-alumna en Olimpiese silwermedaljewenner [Elana Meyer se uitdaging](#) aanvaar om te #Move4Food deur op **23 September** aan die **Kaapstadmarathon** deel te neem.

Tog hoef 'n mens nie 'n marathon te hardloop om jou steun te bewys nie. Diegene wat iets minder inspannend verkies, kan ook gewoon 'n kontantskenking maak op die GivenGain-platform (<https://www.givengain.com/c/stelalum>). Kom ons span saam om ons studente oor die eindstreep te help.

7.9 Kortkursusse

'n Onlangse projek wat deur die Taalsentrum aangevoer is, is **pasgemaakte kortkursusse in Engels** wat ontwerp is om in kliënte van openbare sowel as privaat instellings se smaak te val. Deelnemers ontvang geleentheid om hulle Engelse taalvaardighede in 'n US-geakkrediteerde program te slyp. Die jongste innames het onderrigpersoneel van Bridge House-kollege en die Confucius-instituut, die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool en 'n Kaapstadse vliegskool ingesluit.

Die US se **Afdeling Kortkursusse**, binne Innovus, het tot dusver vanjaar 8 932 kortkursusstudente geregistreer (waaronder 3 368 van USB-BO) en ons is goed op pad om verlede jaar se totaal van 15 182 (waaronder 5 902 van USB-BO) te oortref.

7.10 Korporatiewe Kommunikasie

Vorbereidings om die onlangs goedgekeurde *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* aan die Universiteitsgemeenskap bekend te stel, was een van die hoofsaake vir die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie die afgelope kwartaal. Die Afdeling se funksie Uitvoerende Bestuurskommunikasie het 'n tussenfunksiewerkgroep byeengeroep om die interne bekendstelling en kommunikasie van die nuwe visie en strategie te beplan.

Die interne bekendstelling het die vorm aangeneem van 'n personeelbyeenkoms in die Endlersaal op 24 Julie, wat ook na personeellede op Tygerberg- en Bellvilleparkkampus uitgesaai is. Ná die bekendstelling het alle personeellede 'n omvattende [e-posbulletin](#) sowel as 'n [videoboodskap](#) van my ontvang. Ander elemente van die veldtog was die samestelling van 'n [webblad](#) oor die visie en strategiese raamwerk, 'n omvattende [brondokument](#) met die volledige visie en strategiese raamwerk wat die Raad op 18 Junie goedgekeur het, en 'n beknopte weergawe in die vorm van 'n brosjure.

Bydraes deur die verskillende Korporatiewe Kommunikasie-funksies word in meer besonderhede hieronder uitgelig.

7.10.1 Inhoudsnaaf

Die einddoel van die Inhoudsnaaf is om kern- strategiese boodskappe op grond van institusionele prioriteite oor te dra. 'n Belangrike stap is dus om naafmateriaal met die nuwe *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* te versoen. Beplanning in dié verband is aan die gang.

Intussen eindig die **proeffase** van die Inhoudsnaaf op 31 Augustus. 'n Beoordelingsessie in Mei het vordering met die proeffase bepaal en sterk- en swakpunte in die bepaling en insameling van US-inhoud en die verspreiding daarvan aan primêre en sekondêre belanghebbendes geïdentifiseer. Die beoordeling het ook maniere ondersoek om hierdie prosesse te verbeter en toe te sien dat die naaf as 'n gesinchroniseerde, belynde en goed bestuurde struktuur funksioneer.

7.10.2 Eeufeeshandelsmerkidentiteit



Korporatiewe Kommunikasie se Handelsmerkdepartement het handelsmerkkonsepte help bedink op grond waarvan kommunikasieveldtogte ontwerp is. Dít het ingesluit die ontwerp van die herwerkte US-waterbesparingsveldtog, en die handelsmerkkonsep vir die US se geïntegreerde jaarverslag van 2017.

Die Departement het ook die handelsmerkkonsep (links) vir *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* ontwikkel, in noue samewerking met prof Hester Klopper se kantoor. Die konsep maak gebruik van die Eeufeeshandelsmerk en die slagspreuk “Saam vorentoe”. Dit sal in alle kommunikasie oor die nuwe visie en strategie tot en met die bekendstelling van ’n herwerkte US-handelsmerk in 2019 gebruik word.

Figuur 8: Handelsmerkkonsep vir Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024. Die frase “Saam vorentoe” staan afsonderlik van die US100-logo om die handelsmerk die toekoms in te neem. Elke foto hou verband met een van die ses kern strategiese temas.

Die US-handelsmerkbeoordelingsproses is goed op dreef. Dr Phumzile Mmope, Senior Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie, staan aan die stuur van dié oefening, in konsultasie met prof Klopper omdat dit die posisionering van die Universiteit vir die toekoms behels en ek haar versoek het om dit as strategiese projek te lei. Hulle werk saam met die onafhanklike deskundiges Brand Finance, wat die waarde van die Universiteit se huidige korporatiewe en verbandhoudende handelsmerke sal bepaal. Die handelsmerkwaardasieproses het formeel op 22 Augustus ’n aanvang geneem. Veertien US-omgewings sal gewaardeer word, naamlik die tien fakulteite en die vier US-onderskrewe handelsmerke, d.w.s. die Bestuurskool, Innovus, Maties Sport, en Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge. Die uitkoms van die proses sal ’n direkte invloed hê op die volgende fases van die Universiteit se handelsmerkvernuwingsproses. Die Eeufeeshandelsmerk sal nog tot in 2019 as die US se amptelike handelsmerk dien.

Die [Eeufeeshandelsmerkhandleiding, -gereedskap en -kunswerk](#) is gewild onder die Universiteit se interne belanghebbendes en het die afgelope kwartaal altesaam 1 385 Engelse bladbesigtigings en 232 Afrikaanse bladbesigtigings ontvang. Namate die Eeufeeshandelsmerk ontwikkel, word die handleiding bygewerk en nuwe template na aanleiding van navrae en versoeke uitgereik.

Samewerking is ’n noodsaaklike element van doeltreffende handelsmerkbestuur. Vir dié doel bied handelsmerkambassadeurs oor die hele instelling bystand met handelsmerksamehang. Dít behels die versekering dat die Eeufeeshandelsmerkelemente konsekwent gebruik word, en die voorkoming van handelsmerkfragmentasie. Daarbenewens is inisiatiewe aan die gang om nouer met fakulteite, studentekohorte, Fasiliteitsbestuur en die inisiatief vir visuele regstelling saam te werk. ’n Voorbeeld is die handelsmerkbelyning van digitale raakpunte in interne IT-kommunikasie (<http://blogs.sun.ac.za/it/en/2018/06/a-brand-new-look/>):



Figure 9 (links) en 10: Kubersekeriteitswaarskuwing as e-posbanier voor (links) en ná US-handelsmerkbelyning.

7.10.3 Geïntegreerde kommunikasieveldtogte

Die #SUinHistory-veldtog, wat die veranderinge aan die US die afgelope 100 jaar uitlig, word baie positief deur teikengehore ontvang. Die veldtog word op die US se sosialemediaplatforms, waaronder Facebook, Instagram en Twitter, gevoer. Die plasing wat die beste gevaar het, was dié oor die toelating van die US se eerste “bruin” studente (sien hieronder). Dit het 31 806 Twitter-indrukke en 1 266 skakelings tot gevolg gehad. Op Facebook het dit 21 473 gebruikers bereik en 255 reaksies en 298 “likes” ontvang.



Afgesien van die voortgesette aktuele veldtogte op sosiale media, het ons voortgegaan om ons sosialemediapogings en spesifieke veldtogte met die US se strategiese skakelingskalender, oftewel Imbizo365, te versoen. Ons het ’n effens ander benadering vir die veldtogte in Junie, Julie en Augustus op die proef gestel. Hierdie hutsmerkfeldtogte is deesdae die norm vir ons gehoor, wat baie goed daarop gereageer het. Die inisiatiewe vir die onderskeie maande was soos volg:

Junie – Innovasie en entrepreneurskap

Hierdie veldtog het uit ’n reeks van vyf video’s bestaan oor US-studente wat hulle innovasie- en entrepreneursvaardighede gebruik om oplossings vir hedendaagse probleme te voorsien. Die video’s het goeie kyk- en kykerbehoudsifers behaal.

VIDEO (klik op skermgreep om te kyk)	BESKRYWING
	Die Siviele Ingenieurswese-studente Heidi Christen en Michal Venter bevorder volhoubaarheid op Universiteit Stellenbosch-kampusse deur ’n stelsel van herbruikbare koffiebekkers in te stel. Die paar is deel van die LaunchLab-genootskap, ’n inisiatief wat studente inspireer om toekomstige probleemoplossers en entrepreneurs te word.
	“Ek sou graag wou dink ek’s ’n entrepreneur,” sê Nondumiso Dlamini, ’n derdejaargestudent in BCom Bestuursrekeningkunde. Sy is die skepper van Peanut Butter, Jam & Cashew Nuts, ’n klein kosonderneming wat die gaping tussen bekostigbare en fynproewerkosaanbiedinge vir studente wil oorbrug.
	“Almal het idees,” sê Daniel Robinson, ’n nagraadse student in Elektriese Ingenieurswese. Hy is een van die dryfvere agter die MakerSpace, ’n fasiliteit wat in die LaunchLab geskep word waar studente hulle kreatiwiteit kan uitleef, mekaar kan inspireer, kan saamwerk en toegang tot tegnologie kan bekom om hulle idees ’n werklikheid te maak.

	<p>Toe Nokukhanya Mahlalela op soek was na 'n sakegeleentheid het sy by haar passie – mode en hare – gehou. Sy het SN Immaculate Boutique, 'n aanlyn klere- en pruikwinkel, in November 2017 begin. Dié finalejaarstudent in Agronomie en Landbouekonomie wil graag 'n suksesvolle entrepreneur word wat haar deel doen om ekonomiese groei op die Afrikavasteland aan te spoor.</p>
	<p>Jonathan Rabe se nuuskierigheid laat hom innoveer. Hierdie Megatronika-student het klein swerftuie (“rovers”) begin bou om meer oor robotika te leer. Tog het hy die potensiaal raakgesien om sy projek 'n stap verder te voer en deesdae ontwikkel hy swerftuie om ruimtes te karteer wat vir mense onbegaanbaar is. “Innovasie gaan daarvoor om skeppend te wees en jou eie kop te volg,” sê Jonathan.</p>

Julie – Klem op voedselonsekerheid (boodskap met sosiale impak)


Die doel van hierdie veldtog was om die soeklig op voedselonsekerheid op US-kampusse te werp. Twee video's het oor inisiatiewe op Stellenbosch- en Tygerbergkampus gehandel, terwyl 'n artikel ook op die US-webtuiste geplaas is. Die veldtog het goed gevaar op sosiale media.

SKERMGREEP	BESKRYWING
	<p>Soos baie van hulle portuur op kampusse landwyd, kom studente by die Universiteit Stellenbosch ook al hoe meer voor voedselonsekerheid te staan. Studente van die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het die uitdaging aanvaar om kostekorte en nood onder studente op Tygerbergkampus te verlig.</p>
	<p>Die getal voedselonseker studente op ons kampusse het die afgelope paar jaar aansienlik toegeneem. Die algemene opvatting is dat studente wat finansiële bystand met klagseld ontvang, ook kos en ander basiese items kan bekostig. Tog het maatskaplike werkers op kampus bevind dat voedselonsekerheid en die behoefte aan basiese items 'n realiteit vir menige US-student is.</p>

'n Meer toegespitste en strategiese benadering tot ons boodskappe het positiewe skakeling en groei tot gevolg gehad. Deur samewerking met die Inhoudsnaaf het ons nou 'n goeie vloei en verskeidenheid van inhoud tot ons beskikking.

Augustus – Vrouemaandveldtog

'n Vrouemaandveldtog is op 1 Augustus van stapel gestuur, en het saamgeval met die nasionale inisiatief “UNiTE to End Violence against Women”. Die veldtog het bestaan uit 'n reeks artikels deur US-vrouenavorsers om bewustheid van verskeie kwessies, waaronder geweld en diskriminasie, te wek. Sien 'n skermgreep van artikels wat in nuus@StellenboschUni verskyn het hiernaas:



Vroueskoelhoofde in Suid-Afrika: die dinamiek wat sukses beteken – Prof Nuran Davids

Naasring van vroueskoelhoofde en ander wysheidsdraers draai om twee dominante narratiewe. Die een handel oor vroue se drif om toegang tot leiersposse te bekom – sowel intern as eksterne. Die ander gaan oor die uitdagings waarmee vroue te kampe het om hierdie posse te behou.

Die narratiewe het 'n gemeenskaplike tema: dat leiersposse in skole deur mans oorheers word. Wat ontbreek, is vroueskoelhoofde se leierskap as leiers wat ras, kultuur, etnisiteit, godsdiens, klas en seksualiteit betref.

Vroue is onderverantwoordig in skoolleiersposse – dit ondanks 'n beduidende verskuiwing na geslaggelikheid oor die afgelope twee dekades. Vroueonderwyser maak sowat 68% van die land se spoorwagter aft. Tog is slegs 30% van skoolhoofde vroue.

Studente verer die vroue wat hul lewens verander

In 'n videoreske, #womens4su, gee die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie erkenning aan meerkwadrige US-vroue wat 'n veranderende maak in die lewens van studente. Studente is gevra om vroue-personeleite te nomineer. Die Gebroeders 178-klas het hul dosent, Modiegi Ninyanya, nomineer. Hulle beskryf haar as inspirerende, goedhartig en geslaglik. Volg die reeks elke Donersdag om 16:00 op Facebook, Twitter of Instagram.

Hoeweet vroue het 'n mens nodig?

Mans wat poligame leef, is narratiewe, en vroue wat daarmee verkeer, is skoppoetsers wat geson salbaar. Dit moet meer as een vrou in 'n verhouding verdien. Dit was prof Thuli Mazonisa se inskripsie van die argumente wat aangevoer is in 'n ontleding SAAC 2-program getiteld Dare To Change, waarna sy heel per taalverlogte het.

7.10.4 Interne kommunikasie

Om toegang tot artikels oor personeelsake te verbeter, is Life@StellenboschUni, wat voorheen kwartaaliks aan personeel gestuur is, as 'n tweeweklikse bylae by die e-posnuusbrieff nuus@StellenboschUni ingesluit. Artikels in hierdie afdeling het tot dusver 'n baie goeie kliksyfer behaal.

Die verslag oor die US se **interne kommunikasieoudit** is afgehandel. Die oudit, wat van Maart tot Junie plaasgevind het, het die bestaande kommunikasiekanale, -praktyke en -protokolle by die US ondersoek. Die kommunikasiespesialis Business DNA is aangestel om die interne kommunikasiespan by te staan met die verskillende ouditkomponente, naamlik 'n aanlyn vraelys, fokusgroepgesprekke met studente en personeellede uit die verskillende US-omgewings, en onderhoude met verskeie lynbestuurders.

Business DNA se uitvoerige ouditverslag bevat [aanbevelings](#) oor hoe die instelling die doeltreffendheid van sy interne kommunikasie kan verhoog. Die insigte uit die oudit is aan die begin van die tweede semester aan [personeellede](#) en [studente](#) bekend gemaak en Korporatiewe Kommunikasie maak nou gereed om die toepaslike aanbevelings in die maande wat voorlê te implementeer.

7.10.5 Geïntegreerde jaarverslag

'n Eksemplaar van die US se geïntegreerde jaarverslag – wat die Raad op 18 Junie goedgekeur het – is voor die sperdatum van 30 Junie by die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding afgelewer. Die res van die gedrukte oplaag het die US in Julie bereik (eksemplare beskikbaar van Korporatiewe Kommunikasie), en 'n pdf-weergawe is reeds sedert Junie op die Universiteit se webtuiste beskikbaar ([klik hier](#)). Die verslag is 'n **ryke bron van inligting** oor die US as 'n verantwoordelike korporatiewe burger wat terdeë bewus is van sy impak op die samelewing, die ekonomie en die natuurlike omgewing. Dit is besonder goed ontvang. Boonop het 'n konsultasiefirma vir geïntegreerde verslagdoening in Japan, IR Consulting Mpy. Bpk., ons genader vir inligting oor die Universiteit se reis na geïntegreerde verslagdoening. Dié firma moet nou dieselfde reis met universiteite in Japan aanpak, en beskou die US se geïntegreerde jaarverslag as 'n voorbeeld van goeie praktyk.

7.10.6 Matieland 2018

Vanjaar se *Matieland* het aan die begin van Augustus verskyn en word hoofsaaklik aan die US se Eeufees gewy. Dit bevat onder meer 'n uittreksel uit die Universiteit se tydlyn, sowel as artikels oor van die belangrikste oomblikke in die **US se 100-jarige bestaan**. In aansluiting by die Eeufeesslagspreuk, "Saam vorentoe", fokus 'n groot gedeelte van die tydskrif op die toekoms. Ander temas wat in die artikels aangeroe word, sluit in denkleierskap, uitnemendheid, netwerke, sosiale impak, inklusiwiteit, transformasie, internasionalisasie en volhoubaarheid. 'n Diverse groep Matie-alumni vertel ook van hulle kampservarings. *Matieland* word onder alumni, skenkers, vennote en ander belanghebbendes van die US versprei. Dit is beskikbaar by www.sun.ac.za/matieland.

7.10.7 Belanghebbendeskakeling

Die **personeelbyeenkoms** in die Endlersaal op 24 Julie is uitsluitlik aan die bekendstelling van *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024* gewy. Lokale is op Tygerberg- en Bellvilleparkkampus gereël waar personeellede as 'n groep die bekendstelling via regstreekse stroming kon volg, terwyl kollegas ook vanuit hulle kantore kon inskakel. Die bekendstelling is afgesluit met 'n vraag-en-antwoordsessie, en vrae kon ook per e-pos ingestuur word. Elke personeellid by die verskillende lokale het 'n brosjure met 'n beknopte weergawe van die visie, missie, waardes en kern strategiese temas ontvang. Die brosjure strook met die handelsmerkkonsep wat vir *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024* ontwikkel is.

Boonop is die e-posbanier wat voorheen boodskappe oor die waterbesparingsveldtog vertoon het, verander om met die bekendstelling van die nuwe visie saam te val.



Die US het op 17 Julie die **Nelson Mandela Fidel Castro-graduateplegtigheid van 2018** aangebied. Dít was in reaksie op ’n versoek van die nasionale Departement van Gesondheid, een van die hoofbelanghebbendes van die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Wat die geleentheid besonder betekenisvol gemaak het, is dat dit aangebied is in die US se Eeufeesjaar sowel as die jaar waarin wyle president Mandela 100 jaar oud sou geword het. Altesaam 57 Suid-Afrikaanse dokters wat hulle opleiding in Kuba ontvang het, het in die Endlersaal gegradueer. Dit is gevolg deur ’n onthaal vir studente en gaste in die Behrens-voorportaal, en ’n middagete vir die akademiese prosessie en eregaste in die Wallenbergsentrum by STIAS.

7.10.8 Webtuisteherontwerppaneel

By die tweede vergadering van die Webtuisteherontwerppaneel, op 30 Julie, het Korporatiewe Kommunikasie ’n roetekaart voorgelê van die fases vir die voorgestelde herontwerpproses:

- Fase 1: Navorsing oor interne en eksterne gebruikersvereistes, en sistemiese implikasies eie aan die huidige webtuiste sowel as websteun deur IT
- Fase 2: Ontleding van die navorsing, en beplanning van die herontwikkelingsbenadering
- Fase 3: Finansiering en verkryging, waaronder die aanstelling van ’n diensverskaffer
- Fase 4: Ontwerp en tegniese ontwikkeling van die webtuiste
- Fase 5: Inhoudsontwikkeling en -oordrag
- Fase 6: Bekendstelling en instandhouding van die webtuiste
- Fase 7: Oorsigbestuur, waaronder beleide en bestepraktijkhandleidings

Alle paneellede het tot die beoogde fases ingestem. Korporatiewe Kommunikasie het gevolglik opdrag ontvang om die projek by die Tegnologie- en Inligtingskomitee te registreer om met fase 1 te kan voortgaan sowel as projekfinansiering te bekom.

7.11 US in die nuus (eksterne kommunikasie)

Volgens data van die mediamoniteringsagentskap PEAR staan die US steeds sy plek onder die voorste drie universiteite in Suid-Afrika vol. Die US het in Mei die tweede meeste nuusbrokkies gehad (getal keer wat die instelling in gedrukte media, aanlyn, op radio en TV genoem is), maar die beste gevaar wat reikwydte betref (getal keer wat bepaalde items gelees, na geluister of gekyk is). Die getalle was effens laer in Junie, wat tradisioneel by die meeste universiteite ’n stiller nuusmaand is. Die US het in Julie die derde meeste nuusbrokkies gehad, maar wéér die grootste reikwydte.

Institusionele nuus waaroor die media berig het, sluit in die [US Koor se prestasies in Wallis](#) (*Die Burger*, KFM), die [toekening van akkreditasie van Botanic Gardens Conservation International \(BGCI\) aan die US Botaniese Tuin](#) (*SABC News*, *Channel Africa*, *News24*, *RSG*) en [die bekendstelling van ’n gryswaterstelsel op Tygerbergkampus](#) (*Cape Times*). Die [jaarkonferensie van die BRICS-netwerk vir universiteite](#) wat aan die begin van Julie by die US gehou is en waar minister Naledi Pandor as spreker opgetree het (onder meer [The Star](#)), het ook aandag getrek.

Ook die [US Regskliniek se oproep om die “afskaffing van tampontaks”](#) in Junie het wyd mediadekking ontvang (*eNuus*, *The Star*, *Cape Argus*, *News24*, *TimesLive*, *Son op Sondag*, *Die Burger*, *Citizen*, ensovoorts). In Augustus was die Regskliniek weer in die nuus met die indiening van ’n aansoek om regsaksie teen [gewetenlose skuldinvorderingspraktyke](#) (*Beeld*, *Cape Argus*, *Die Burger*, *eNews*, *CNBC Africa*, *VOCFM*, *Citizen*, *Pretoria News*, *The Star* en ander). Daarbenewens het [Tygerbergkampus die eerste rook- en tabakvrye kampus in Suid-Afrika geword](#) en daarmee ’n goeie lot media-aandag ontvang (*IOL*, *Radio 702*, *Cape Talk*, *EWN*).

Navorsing deur die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET) wat daarop dui dat [wetenskap in SA goed doen](#), het ook vir goeie mediablootstelling gesorg ([Business Day](#), [Cape Times](#), [RSG](#), [Channel Africa](#)).

Aan die ander kant het die Universiteit ook negatiewe publisiteit ontvang toe *Die Stem* by 'n alumnigeleentheid gesing is, meestal deur voormalige studente ([Daily News](#), [Die Burger](#)).

Die [profielartikel](#) "Stellenbosch sets course for the future" in *Sunday Times* in Mei het verskeie opvolgartikels in ander media tot gevolg gehad ([Die Burger](#), [Rapport](#)) – veral oor die kwessie van dekolonisasie. Ongelukkig het dit die verkeerde indruk geskep dat planne vir die vernuwing van tien programme slegs om dekolonisasie draai. 'n Veel meer gebalanseerde artikel het op News24 verskyn – [Decolonising education: How one SA university is getting it done](#).

Navorsers en ander denkleiers van die US het in dié tyd meer as 72 **meningsartikels** (sien bylae) geskryf. Dit is in die meeste gevalle deur Korporatiewe Kommunikasie se dr Alec Basson, een van die drie joernaliste in die Inhoudsnaaf, gefasiliteer. Gereelde bydraers in die verslagtydperk was proff Pumla Gobodo-Madikizela, Amanda Gouws, Jonathan Jansen, Nico Koopman, Thuli Madonsela, Erwin Schwella en Michael le Cordeur, sowel as drs Chris Jones en Leslie van Rooi. Dit is bemoedigend dat al hoe meer US-personelede van geleenthede gebruik maak om die openbare mening op dié manier te help vorm.

Die Mediakantoor by Korporatiewe Kommunikasie het die media van kennerslyste vir Werkersdag, Wêreldomgewingsdag, Wêrelddag ter Bestryding van Woestynvorming en Droogte, Jeugdag, Mandeladag en Vrouedag voorsien.

Navorsingsartikels wat goed gevaar het in die media sluit die volgende in:

- [Rook en drank in swangerskap vererger kans op doodgeboortes, wiegiedood](#) ([Beeld](#), [Cape Times](#), [Cape Argus](#), [Radio 702](#))
- [Beter implantate kan beskadigde knieë herstel](#) ([Cape Times](#), [Business Live](#), [Times Live](#), [Bizcommunity](#), [medicalxpress](#), [The Herald](#), [RSG](#))
- [Genetiese manipulasie van gewasse moet fyn dopgehou word](#) ([Cape Times](#), [Die Burger](#), [Cape Argus](#))
- [Palmiet-vleilande verdwyn vinnig](#) ([The Star](#), [Cape Times](#), [Eikestadnuus](#), [Times Live](#), [RSG](#))
- [Alkohol, dwelms kan tot selfbeskadiging lei](#) ([Times Live](#), [Helderberg Gazette](#), [Tygerburger](#))
- [Goed beplande onderhoudskedules keer beurtkrag](#) ([Cape Argus](#), [RSG](#), [Eikestadnuus](#), [Daily News](#))
- [US sleutelvennoot in SA se eerste sonaangedrewe ontsoutingsprojek](#) ([Bolander](#), [Cape Times](#))
- [Baie poste kan binnekort geoutomatiseer word, en SA is nie gereed nie](#) ([Cape Argus](#), [Moneyweb](#), [Business Live](#))

Die meeste van hierdie artikels is deur Korporatiewe Kommunikasie saamgestel, en party deur kommunikasiebeamptes in fakulteite.


Laastens het Korporatiewe Kommunikasie met SENWET saamgewerk om op 22 Mei 'n werksessie met [The Conversation](#) as fasiliteerder aan te bied. Altesaam 30 navorsers het die sessie bygewoon en soortgelyke geleenthede word vir die toekoms beplan. Tot dusver het 170 US-outeurs 224 artikels via The Conversation gepubliseer.

7.12 Sentrums, buro's en institute

'n Taakgroep is aangestel om die US se huidige beleid oor sentrums, buro's en institute (SBI's) te hersien. Hul opdrag is om reëls te formuleer vir die vestiging van entiteite wat met die US se nuwe visie, missie en strategiese raamwerk strook en die Universiteit se strategiese doelwitte sal bevorder. Daar moet voorsiening gemaak word vir entiteite **oor fakulteitsgrense heen**, waaroor die huidige beleid nie duidelike riglyne bevat nie.

7.13 Kampussekuriteit

Die vorige verslag het melding gemaak van 'n afwaartse tendens in misdaadverwante voorvalle by die US. Daardie dalende tendens duur steeds voort. Die totale getal **misdaadvoorvalle** wat in die tweede kwartaal van 2018 by Kampussekuriteit aangemeld is, is **die laagste in 13 jaar**.



Tabel 6: Totale getal misdaadverwante voorvalle aangemeld per kwartaal, 2005–2018

Hierdie tendens kan toegeskryf word aan verskeie oorsake. Makrofaktore sluit in werkloosheid, bevolkingsgroei en migrasiepatrone, terwyl 'n paar mikrofaktore suksesvolle vervolging sowel as die sigbaarheid en responsiwiteit van sekuriteitspersoneel is.

Bowenal is die dalende misdaadsyfer egter heel waarskynlik die gevolg van die bykomende finansiering wat oor die afgelope paar jaar, veral sedert 2015, aan sekuriteitsdienste toegeken is. Die bestaande sekuriteitsnetwerk is in Februarie verder versterk met die ontplooiing van 25 sekuriteitswagte om saans die afgesonderde areas tussen koshuise te bewaak.

As 'n uitkoms van die proses vir lewensvatbare kontraktering, het ProEvents Security op 1 April die sekuriteitsbedrywighede op Stellenbosch- en Tygerbergkampus oorgeneem. ProEvents het aansienlik in bykomende toerusting en voertuie, waaronder vierwielmotorfietse vir bergpatrollies, belê, wat die getal voorvalle op kampus verder help beperk.

Daarbenewens is Kampussekuriteit ingenome met die kampusgemeenskap se toenemende bewustheid van hulle persoonlike veiligheid. Bewustheid, en die verstandige persoonlike veiligheid-en-sekuriteitskeuses wat daaruit spruit, is 'n noodsaaklike komponent van 'n veilige kampus en omgewing.

7.14 Krisisdienste vir studente

Die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) bied 'n steundiens aan studente, wat 'n voltydse krisisdienst by die nommers **082 557 0880** en **010 205 3032** insluit. Die diensverskaffer ER24 hanteer die oproepe van 16:00 tot 20:00. ER24 het tussen Januarie en Mei meer as 100 oproepe van US-studente op ons Stellenbosch-, Tygerberg- en Bellvilleparkkampusse ontvang. Probleme wat aangemeld is, het gewissel van 'n behoefte aan trauma- en sielkundige berading tot mediese noodgevallen wat op hospitalisasie uitgeloop het.

7.15 Reaksie op die droogte

Ondanks die goeie reënval die afgelope weke en die styging in damvlakke, bly ons verbind tot ons waterbesparingsmipunte. Ons gaan voort met die waterbesparingsmaatreëls wat ons verlede jaar in werking gestel het, onder meer die installering van handontsmettoestelle. Fasiliteitsbestuur implementeer ook droogtereaksieprojekte op al ons kampusse.

Die strategie vir **Bellvilleparkkampus** is om water uit die dam langsaan te onttrek en die gesuiwerde water by die drinkwaterstelsel in te voer. Die platform vir die suiweringsaanleg is gebou en die aanleg self sou teen die einde van Julie 2018 op die terrein afgelewer word. Dit sal na verwagting teen die einde van Augustus in werking wees.

Vyf boorgate is oor die hele **Tygerbergkampus** gesink. Al die boorgate is gekoppel aan 'n netwerk en 'n filtreerstelsel sodat die water gesuiwer en in die stelsel teruggepomp kan word vir drinkwatergebruik op kampus. Hierdie geïntegreerde wateraanvullingstelsel behoort die hoeveelheid water wat die Stad Kaapstad tans voorsien te halveer. 'n Nuwe gryswatersverspreidingsstelsel is ook geïnstalleer wat stortwater van die koshuise opvang, filtreer en dan na al die toilette op die perseel versprei.

Op **Stellenboschkampus** is sewe boorgate gesink en met pompe toegerus. Die boorgate by Coetzenburg is geïnstalleer om die swembad en kunsgrasveld (nou met waterbasis) van water te voorsien, wat voorheen uit die drinkwatertoevoer gekom het. Dit het die totale hoeveelheid drinkwater wat Stellenbosch Munisipaliteit voorsien beduidend verminder.

7.16 Herwinning en besparing

Die diensverskaffer **Waste Plan** is as deel van die proses vir lewensvatbare kontraktering aangestel om alle afval op alle US-kampusse te verwyder en te herwin. 'n Nuwe afvalherwinningssentrum is in die nywerheidskern naby die vullisstortingsterrein opgerig, waar meer as 70% van alle vaste afval herwin word. Kosafval van alle kombuise op Stellenboschkampus gaan na die Welgevallenproefplaas, waar dit verwerk word tot kompos vir gebruik in ons tuine, wat ons stelsels meer volhoubaar maak.

Om ons koolstofvrystellings sowel as ons besteding aan nutsdienste te verminder, het ons 'n nuwe **geboubestuurstelsel** geïnstalleer waarmee ons nou die bestaande sentrale lugversorgingstelsel op 'n afstand kan bestuur. Ons fokus veral daarop om lugversorgingstelsels af te skakel wanneer ons geboue nie gebruik word nie, en ons merk reeds besparings op. Die stelsel sal mettertyd uitgebrei word om ook pompe en opwekkers in te sluit.

'n Nuwe diensverskaffer vir nutsdiensbestuur, Terra Firma, het die bestaande elektriese meters suksesvol oorgeneem en 'n bykomende 102 **elektrisiteitsmeters** en 194 nuwe elektroniese **watermeters** geïnstalleer. Hierdie stelsels is van onskatbare waarde in ons pogings om nutsdiensbestuur by die US te verbeter, en help ons koste besnoei en vermorsing uitskakel. Veral die watermeters stel ons in staat om ons verbruik te bestuur en lekplekke in ons infrastruktuur op te spoor.

7.17 Nasionale Plan vir Naskoolse Onderwys en Opleiding

Die DHOO het die konsepweergawe van die Nasionale Plan vir Naskoolse Onderwys en Opleiding vir bespreking en kommentaar aan alle hoërondewysinstellings gestuur. Verskeie US-verteenwoordigers het op 1 Maart 'n streekswerksessie bygewoon. Hulle kommentaar en terugvoering is daarna saamgestel en by die DHOO ingedien, onder meer 'n bykomende reaksie van prof Liezel Frick (Sentrum vir Hoër en Volwasseneonderwys). Klik hier vir die [konsepplan](#), en hier vir die [US se kommentaar](#) en terugvoering.

Dit is veral opmerklik dat die konsepplan 'n doelbewuste uitbreiding van naskoolse onderwys en opleiding buite die hoërondewysubstelsel voorstel. Dit sou 'n klem op die uitbreiding van tegniese en ambagskolleges en die bekendstelling van gemeenskapskolleges behels, met 'n meer realistiese, gematigde groeiplan vir die hoërondewysubstelsel, sowel as die voorneme om voldoende finansiering te voorsien om laer mikpunte te ondersteun.

Die konsepplan herbevestig die oorhoofse doelwitte van die Witskrif oor naskoolse onderwys en opleiding. Voorts strook dit met ander konsepbeleide en -bestuursdokumente, soos die Nasionale

Vaardigheidsontwikkelingsplan en die Konsepbeleid oor Internasionalisasie, wat nog in die Staatskoerant moet verskyn.

7.18 Beleggingstendense in naskoolse onderwys en opleiding in Suid-Afrika

Die DHOO het sy tweede verslag oor [beleggingstendense in naskoolse onderwys en opleiding in Suid-Afrika](#) uitgegee. Die verslag wys daarop dat die sektor “voor erge uitdagings met betrekking tot hulpbronbesikbaarheid te staan kom”, en waarsku dat “fiskale hulpbronne waarskynlik vir ten minste nog die volgende paar jaar skaars sal wees”. In die dankbetuigings bedank die DHOO die navorsingsgroep oor sosio-ekonomiese beleid (**ReSEP**) in die US se Departement Ekonomie “vir die besondere kundigheid en kennis wat hulle bygedra het vir die produksie van hierdie verslag”, en word **prof Servaas van der Berg** en **drs Hendrik van Broekhuizen, Anja Smith** en **Chris van Wyk** by name genoem.

7.19 Gesondheid en welwees onder personeel en studente

Personeelgesondheid en -welwees is tans ’n voorrangsaak vir die US. Afgesien daarvan dat bestaande inisiatiewe versterk word, is die groter doel om gesondheid en welwees as ’n sistemiese verantwoordelikheid in alle US-omgewings vas te lê. Vir dié doel is ’n komitee oor personeelgesondheid en -welwees op die been gebring. ’n Konsepstrategie vir personeelgesondheid en -welwees word in September aan die Rektoraat voorgelê, wat daarna oor die hele Universiteit bespreek sal word. Die insigte en aanbevelings uit die eerste opname van personeelkultuur en -klimaat sal ook in ag geneem word. Daarbenewens werk ons saam met Studentesake om ook studentegesondheid en -welwees te bevorder.

7.20 Senior aanstellings en bevorderings

In die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is die pos van Direkteur: Besigheidsbestuur tot seniordirekteursvlak opgegradeer. Die bekleër, mnr **Eben Mouton**, is met ingang van 1 Junie 2018 bevorder. **Mnr Hein Swanepoel** is op 1 Julie tot Senior Direkteur: SUNKOM bevorder, en **me Anita Nel** tot Hoofdirekteur: Innovasie en Besigheidsontwikkeling op 1 Augustus. Sy is ook aangewys as ’n #InspiringFiftySA-wenner deur ’n Nederlandse organisasie wat erkenning gee aan vroue aan die voorpunt van impak in wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde.

8. Uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek

Die Kampusvernuwingsprojek (KVP) is in Desember 2014 deur die US Raad goedgekeur. Die projek is geïnisieer toe die risiko verhoog het dat baie van die US se fisiese infrastruktuur wanfunksionierend en vervalde geword het weens langtermyngebrek aan instandhouding en as sodanig ’n risiko vir die volhoubaarheid van die akademiese projek van die US begin inhou het. In September 2017 het die Raad die uitbreiding van die KVP goedgekeur en daarmee die projektydlyn tot 2027 verleng en ’n bykomende R1,456 miljard aan die inisiatief toegesê. Daarmee is erkenning gegee aan die feit dat die fisiese fasiliteite van die US strategiese bates is, en noodsaaklike instaatstellers van ’n wêreldklasuniversiteit wat sistemies volhoubaar is.

8.1 US-teaterkompleks sal na Adam Small heet

Die US se opgeknapte teaterkompleks sal heet na die bekroonde digter en dramaturg Adam Small, wat in 2016 oorlede is.

Die voorstel vir die naam is ná ’n weldeurdagte en inklusiewe proses deur die Departement Drama voorgelê en gemotiveer. Die Uitvoerende Komitee van die Raad, wat ooreenkomstig toepaslike Universiteitsbeleid oor die name van geboue besluit, het die nuwe naam op aanbeveling van die Rektoraat en die US se Komitee vir die Naamgewing en Vernoeming van Geboue, Lokale en ander Fasiliteite/Persele goedgekeur. Small se weduwee, dr Rosalie Small, het tot die vernoeming toegestem.

Small het in 2012 die Hertzogprys vir drama van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang vir sy hele oeuvre, en in die besonder *Kanna hy kô hys toe* (1965).

Toe die Universiteit in Desember 2015 'n eredoktorsgraad in die lettere aan Small toegeken het ([video-opname](#)), het ons hom vereer as 'n geliefde en veelbekroonde digter en dramaturg wat hom as morele gewete in die wese van die Suid-Afrikaanse nasie 'ingeskryf' en treffend kommentaar gelewer het op die vernietigende apartheidsbestel.

Die US is dankbaar en trots om met die **ryke nalatenskap** van Adam Small verbind te word.

Die Universiteit wil graag die visie van **menswaardigheid en helende geregtigheid** waaraan hy hom as akademikus en dramaturg gewy het, help verwesenlik.

Die groot ouditorium in die teaterkompleks staan tans bekend as die HB Thom-teater, en hoewel dié naam voortaan nie meer gebruik sal word nie, sal dit in die gebou gekontekstualiseer word. Voor die opknapping het die teater uit 'n enkele ouditorium bestaan, maar die heringerigte ruimte is nou so uitgebrei dat dit ook 'n seminaarkamer en 'n kleiner laboratoriumteater insluit. Die Adam Small Teaterkompleks verwys dus na die hele, multifunksionele fasiliteit.


8.1 Ingenieurswesekompleks

8.1.1 Nuwe ruimte vir die Departement Bedryfsingenieurswese

Die Ingenieurswesekampusvernuwings- (IKV-)projek het in 2017 'n aanvang geneem. In die eerste fase het die ou Informatietegnologiegebou 'n algehele gedaanteverwisseling ondergaan om 'n nuwe, moderne tuiste te voorsien vir die Departement Bedryfsingenieurswese, wat tans in die gebou van Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese geleë is. Bouwerk het in Junie 2017 begin. Bedryfsingenieurswese sou hulle nuwe gebou vanaf 16 Julie 2018 begin betrek.

8.1.2 Ontwerpwerk aan 'n verdere vier IKV-projekte

Die detailontwerp vir die voorgestelde **nuwe Siviele Ingenieurswese-plaveisellaboratorium** is reeds ver gevorder. Die nuwe ontwikkeling van 2 400 m² noord van die bestaande Waterlaboratorium sal 'n versameling moderne siviele laboratoria voorsien. Bouwerk sal na verwagting in die tweede helfte van 2018 begin, en behoort teen die einde van aanstaande jaar klaar te wees.



Figuur 11: Noordelike deursneeansig van voorgestelde nuwe Siviele Ingenieurswese-plaveisellaboratorium

Die detailontwerp vir die **verdigting en modernisering van verdiepings 1 tot 6 van die bestaande Meganiese Ingenieurswesegebou** word ook tans gekoördineer. Die projek behels:

- 'n nuwe studenterekenaargebruikersarea met sitplek vir 311 op die grondverdieping;
- drie nuwe elektroniese klaskamers met 469 sitplekke op verdiepings 2 en 3;
- 'n nuwe Megatroniese Laboratorium met 51 nuwe werkstasies; en
- opknapping en verdigting van kantore en nagraadse oopplanareas op verdiepings 4, 5 en 6.

Hierdie nuwe lesingruimtes en rekenaargebruikersareas sal toekomstige groeipotensiaal vir die Fakulteit Ingenieurswese ontsluit. Bouwerk sal in die tweede helfte van 2018 begin, en sal na verwagting teen die einde van 2019 voltooi wees.



Figuur 12: Noordelike vooraansig van voorgestelde nuwe gebou vir Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese

'n Derde projek in die detailontwerpfase is **die vernuwing van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese se bestaande Masjienlaboratorium- en binnehof-areas**. Wanneer dit voltooi is, sal die nuwe laboratorium 27 nuwe werkstasies vir tutoriale en praktiese klasse voorsien. Die eerste konstruksiefase (die binnehof) sal teen die einde van 2018 'n aanvang neem, waarna die verbeteringe aan die Masjienlaboratorium teen die middel van 2019 sal begin.

Laastens vorder die konsepontwerp van **die Fakulteit Ingenieurswese se hoofloopgang en koppelgange** ook goed. Die nuwe hoofloopgang sal algemene sirkulasie verbeter, genderneutrale toiletgeriewe bied en voldoende toegangsbeheerpunte hê om voltydse sekuriteit te verskerp. Aanvang van bouwerk aan die eerste gedeelte van die hoofloopgang word vir die tweede helfte van 2019 beoog.

8.1.3 Bouwerk aan 'n verdere twee IKV-projekte

Opknappings aan die rioolstelsel sal die Fakulteit Ingenieurswese se ou, uitgediende rioolpypstelsel vervang en 'n nuwe rioolnetwerk voorsien. Die projek word in klein, beheerbare gedeeltes uitgevoer om die mins moontlike ontwrigting vir die personeel en studente van die Fakulteit te veroorsaak. Die hele projek behoort teen Oktober klaar te wees.

Boonop sal **opknappings aan die Joubertweg-parkeerterrein** personeellede 22 nuwe parkeerplekke bied. Die nuwe parkeerterrein sal omhein wees en geregistreeerde gebruikers van kaarttoegangsbeheer voorsien. Bouwerk is tans aan die gang en behoort teen die middel van November voltooi te wees.

8.2 Biomediese Navorsingsfasiliteit- (BMNF-)projek

Die Biomediese Navorsingsfasiliteit- (BMNF-)projek, wat voorheen as die Fisanprojek bekend was, het die afgelope twee maande aansienlik gevorder. Die ontwerpwerk is op 1 Junie voltooi. Die eindgebruiker, synde die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW), het daarná alle uitlegtekeninge goedgekeur.



Figuur 13: Driedimensionele argiteksvoorstelling van die voorgestelde BMNF-gebou (uit die noorde)

Ander instaatstellende werk, waaronder die oorskuif van die museum, die verwydering van bome en die verskuiwing van bestaande dienste wat oor die terrein loop, vorder ook goed. Die projekbeheer Komitee het by hulle vergadering van 8 Junie goedkeuring verleen vir die insluiting van die geoptimaliseerde, ten volle outomatiese BiOS-eenheid, 'n biobank by $-80\text{ }^{\circ}\text{C}$, wat deur die FGGW gefinansier sal word. Die Komitee het ook toestemming verleen dat die Departement Kliniese Molekulêre Biologie in beskikbare ruimte binne die geboukompleks geplaas word.

Die volgende belangrike mylpaal was 1 Augustus, toe bouplanne by die Stad Kaapstad ingedien is. Na gelang van die goedkeuring van werkfasas, onder meer bouplangoedkeuring, beoog Fasiliteitsbestuur om die hoofkontraakteur in Desember aan te stel, en om in Januarie 2019 met bouwerk te begin.

Soos die omgewingsevalueringsverslag aandui, vereis die projek nie 'n omgewingsimpakstudie nie. Die geotegniese ondersoek het die heiwerkvereistes bevestig, en 'n vinnige, minder ontwrigtende heiwerkmetode sal gebruik word.

8.3 Sentralisering van verskeie dienste en aanlegkamers op Tygerbergkampus

Om doeltreffendheid te verbeter en die vereiste getal aanlegkamers op Tygerbergkampus te verminder, is 'n meesterplan vir die sentralisering van die verskillende dienste en aanlegkamers opgestel.

Die meesterplan vir die stormwater-, verhitting-ventilasie-en-lugversorging- sowel as elektriese stelsels is voltooi, en word tans in werking gestel.

- Fase 1 van die stormwateropknapping is onlangs voltooi, wat die bou van 'n nuwe retensiedam ingesluit het.
- Fase 1 van die gesentraliseerde verhitting-ventilasie-en-lugversorgingstelsel is tans in werkfase 4 (verkryging).

8.4 Vernuwingsprojekte op Bellvilleparkkampus

8.4.1 Opknapping en sentralisering van dienste

Bouwerk vir tenderpakket 1, naamlik die opknapping en sentralisering van dienste op Bellvilleparkkampus, is goed op dreef. Die kontrakteur het die installing van die nuwe brandringhoofleiding sowel as die oprigting van die pomp- en verkoelkamers vir die sentrale verhitting-ventilasie-en-lugversorgingstelsel op kampus voltooi.

Die brandringhoofleiding sal aan die nuwe munisipale aansluiting gekoppel word sodra die munisipaliteit goedkeuring verleen.

Die meganiese kontrakteur is tans op die perseel en lê die koelwaterpype uit die dam na die pomp- en verkoelkamers. Die stelsel is ontwerp om water uit die dam te onttrek om die energie daarvan te benut en die kampusgeboue te verkoel. Die inwerkingstelling van die damwaterprojek strook met die US se strategie vir die sentralisering van aanlegte om bedryfskoste en ondoeltreffendheid te verminder.

8.4.2 Opknapping van biblioteek, nuwe kafeteria en nuwe lesingsaal

Bouwerk aan hierdie projek, synde tenderpakket 2, het in April begin. Die algehele projek sal na verwagting teen September 2019 voltooi wees.

Die oprigting van die nuwe lesingsaal vorder goed nadat geringe uitdagings met bestaande dienste en strukture ondervind is. Die grond- en heiwêrk is klaar, en die fundamente word tans gelê.



Figuur 14: Driedimensionele kunstenaarsvoorstelling van die nuwe lesingsaal op Bellvilleparkkampus

Die kontrakteur het beduidende vordering met die biblioteekopknapping gemaak. Fase 1 is voltooi, wat personeellede en studente nou 'n tydelike werks- en biblioteekarea bied. Fase 2 (die hoofbiblioteek) is tans in aanbou, met 'n beplande voltooiingsdatum van 25 Oktober.

Bouwerk aan die nuwe kafeteria is ook aan die gang en behoort teen Februarie 2019 voltooi te wees. Die sloping van die huidige struktuur en die grondwêrk is klaar, en die kontrakteur lê tans die fundamente.

8.5 Jongste nuus oor Jan Mouton Leersentrum

Goedkeurings deur die plaaslike owerheid en gure weer het vordering met die Jan Mouton Leersentrum beïnvloed en tot 'n huidige vertraging van sowat 23 dae gelei. Die hersoneringsaansoek is goedgekeur en 'n diensvlakooreenkoms vir die lewering van massadienste is met die munisipaliteit onderteken. Die voltooiingsdatum bly onveranderd op Januarie 2020, met okkupasie die maand daarná.

Die projek is binne begroting, en besteding staan tans op 11% van die totale kontrakwaarde. Die gevolge van die BTW-styging van 1% vir die projekbegroting word dopgehou en maatreëls word getref om enige impak te beperk.

Algehele terreinbestuur is goed – gereelde gesondheid-en-veiligheidsoudits word onderneem en gepaste stappe word gedoen waar dit nodig is. Ons verstaan dat hierdie projek heelwat ontwigting vir die kampus veroorsaak, en weeklikse verslae word van die Neelsie-bestuur en omringende gebougebruikers verkry en by terreinvergaderings bespreek.



Figuur 15: Vordering op die perseel van die Jan Mouton Leersentrum

Grondwater wat uit die terrein gepomp word, word vir stofbeheer, algemene terreinwerk en grondwerk gebruik. Oortollige grondwater is beskikbaar, en die Universiteit gebruik dit tans om erge droë areas op kampus te besproei. Die infrastruktuur om water uit die US Biblioteek-sinkput te bekom, is ook voltooi en die water word op die perseel gebruik om spuitsement mee aan te maak. Die enigste munisipale water wat tans op die terrein gebruik word, is om te drink, en dít word afsonderlik gemeet.

8.6 Maties Sport-fasiliteite

Maties Hokkie se twee kunstrasvelde is in die eerste helfte van die jaar opgeknop en met watergebaseerde kunstrasvelde vervang. Die eindstryd van die Varsity Hokkie-toernooi was die eerste wedstryd wat op die nuwe oppervlakke gespeel is.

9. Slot

Kollegas, ek wens u alle sterkte toe vir die laaste skof van ons Eeufeesjaar. Sien goed om na uself en u geliefdes, en baie dankie vir u onbaatsugtige diens aan die Universiteit. Kom ons hou aan saam vorentoe beweeg as verteenwoordigers en tydelike rentmeesters van hierdie uitsonderlike instelling.

[onderteken]

Prof WJS de Villiers
Rektor en Visekanselier

BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

Meningsartikels (18 Mei tot 27 Augustus 2018)

SKRYWER	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Proff Renée Blaauw & Lisanne du Plessis	Menslike Voeding	South Africa's effort to improve child health is having teething problems	The Conversation (22 Mei)
Prof Stephanus Muller	Africa Open	Africa Open looks 100 years ahead to launch music platform for the future	Cape Times (23 Mei)
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtheid	The injustice of shady home auctions	Business Day (24 Mei)
Prof Francois Vreÿ	Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika	Violence taints vision for Africa	Cape Argus (24 Mei)
Dr Morné Mostert	Instituut vir Toekomsnavorsing	Academic freedom and business	Eikestadnuus (24 Mei)
Dr Jurie van den Heever	Plant- en Dierkunde	Meer as net man of vrou	Die Burger (24 Mei)
Prof Anton van Niekerk	Filosofie	Ons wag op die kaptein	Beeld (26 Mei)
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtheid	Let's promote democracy on the continent	News24 (27 Mei)
Dr Marina Joubert	Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie	White men's voices still dominate public science. Here's how to change this	The Conversation (27 Mei); Mail & Guardian (29 Mei)
Dr Francois Cleophas	Sportwetenskap	South African rugby star shines spotlight on the sport's racist past	The Conversation (27 Mei)
Wandile Sihlobo	Landbousakekamer	Secret of successful land reform: don't rely on the state	Business Day (28 Mei)
Prof Johann Kirsten	Buro vir Ekonomiese Ondersoek		
Dr Jason Bantjes, dr Elsie Breet & Daniel Goldstone	Sielkunde	Link between suicide and drugs	Cape Argus (29 Mei)
Prof Steven Robins	Sosiologie en Sosiale Antropologie	Closing Newlands spring has dried up a piece of history	Cape Times (29 Mei)
Dr Dirk Brand	Skool vir Publieke Leierskap	Local government in South Africa is in crisis. How it can be fixed	Conversation (29 Mei); Polity.org (30 Mei); rnews (30 Mei); Huffington Post (31 Mei); AfroVoices (31 Mei); The Star (1 Jun); Weekend Post (2 Jun)
Prof Stan du Plessis	Bedryf en Finansies	Compare like with like when reining in high cost of tertiary education	Business Live (30 Mei)
Prof Willem Boshoff	Ekonomie		
Proff Nuraan Davids & Yusef Waghid	Opvoedingsbeleidstudie	Educate for democracy in Africa	Mail & Guardian (1 Jun)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Red SA se onderwys só	Die Burger (2 Jun)

SKRYWER	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtheid	Afrika moet ons só inspireer	Rapport (3 Jun)
Dr Alanna Rebelo Dr David le Maitre	Bewaringsekologie en Entomologie Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad/ Sentrum vir Indringerbiologie (SIB)	Breaking down the myth that planting forests could help drought regions	Cape Times (4 Jun)
Dr Bernard Wessels	Privaatreg	Wat elke skrywer moet weet: Die reg op privaatheid	LitNet (5 Jun)
Prof André Roux	US Bestuurskool	Nationalising the SA Reserve Bank won't change much	City Press (6 Jun); The Mercury (11 Jun); The Star (11 Jun); Pretoria News (11 Jun); Cape Times (11 Jun)
Prof Nuraan Davids	Opvoedingsbeleidstudie	How Muslims betray Islam by not allowing women in mosques	News24 (7 Jun)
Dr Tammy Robinson	Plant- en Dierkunde	The answer to plastic pollution in our oceans is in our hands	Cape Argus (8 Jun)
Johann Breed Dr Chris Jones	Beyond Local Government Praktiese Teologie en Missiologie	Local government needs a whole new business model – soon	Moneyweb (8 Jun)
Wandile Sihlobo Prof Johann Kirsten	Landbousakekamer Buro vir Ekonomiese Ondersoek	Land reform policy itself a stumbling block to successful redistribution	Business Day (11 June)
Dr Serah Kasembeli	Doktoraal-gebaseerde artikel (English Studies)	The ghosts of slavery still haunt us	Cape Times (12 Jun)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Land op Eva Krotoa Internasionaal	Die Burger (12 Jun)
Prof André Roux	US Bestuurskool	Why SA is always behind the curve	Fin24 (13 Jun)
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	Bo-Kaap community tired of humiliation and being a tourist zoo	Cape Times (13 Jun)
Prof Pumla Gobodo-Madikizela	Historiese Trauma en Transformasie	Mandela left us the fabric for a new SA	Mail & Guardian (15 Jun)
Prof Piet Naudé, prof Marius Ungerer, prof Daniel Malan, prof Mias de Klerk & Brett Hamilton	US Bestuurskool	The Steinhoff Saga: Part One – The making of a corporate giant	Business Live (15 Jun)
Alessandro Napoli	Magisterstudent (Politieke Wetenskap)	Lessons from '76 for SA's young leaders	News24 (15 Jun)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Leer uit die geskiedenis?	Die Burger (16 Jun)

SKRYWER	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Piet Naudé, prof Marius Ungerer, prof Daniel Malan, Prof Mias de Klerk & Brett Hamilton	US Bestuurskool	The Steinhoff Saga: Part Two – The board that looked the other way	Business Live (18 Jun)
Prof Piet Naudé, prof Marius Ungerer, prof Daniel Malan, prof Mias de Klerk & Brett Hamilton	US Bestuurskool	The Steinhoff Saga: Part Three – Arrogance, impunity and entitlement	Business Live (20 Jun)
Tian Alberts	BCom (Regte)-student	How youth can be prosperous	Cape Argus (21 Jun)
Dr Tienie Ehlers	US Bestuurskool – Bestuursontwikkeling (USB-BO)	What can corporate leaders learn from the Springboks? Quite a lot, actually	Huffington Post (21 Jun)
Prof Piet Naudé, prof Marius Ungerer, prof Daniel Malan, prof Mias de Klerk & Brett Hamilton	US Bestuurskool	The Steinhoff Saga: Part Four – Five do-or-die lessons for business	Business Live (22 Jun)
Dr Gustav Hendrich	Geskiedenis	Remembering the Burmese campaign	Weekend Argus (23 Jun)
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtigheid	Have we truly transcended the legacy of our unjust past?	News24 (24 Jun)
Prof Abel Esterhuysen	Militêre Strategie	En as weermag dan móét ontploo word?	Rapport (24 Jun)
Prof Piet Naudé	US Bestuurskool	Kaart vir SA pad al daar	Rapport (24 Jun)
Wandile Sihlobo	Landbousakekamer	Clear criteria needed for beneficiary selection in agricultural restitution	Business Live (25 Jun)
Prof Johann Kirsten	Buro vir Ekonomiese Ondersoek		
Prof Johan Fourie	Ekonomie	'Boerdery móét op wins fokus'	Beeld (28 Jun)
Dr Abigail Ornellas	Doktoraal-gebaseerde artikel (Maatskaplike Werk)	Life Esidimeni tragedy shows SA gives economic gain priority over social justice	Business Day (28 Jun)
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	Cyriil, waar's jǒú sonsopkoms?	Die Burger (30 Jun)
Chris Maxon	Magisterstudent (Ontwikkelingsfinansies)	The parasite of Big Pharma	News24 (1 Jul)
Prof Bill Nasson	Geskiedenis	Kruger of betaal was die wet van Transvaal	Rapport (1Jul)
Prof Nuraan Davids	Opvoedingsbeleidstudie	Active citizenship, a social contract, Islam and democracy in Egypt	The Conversation (2 Jul); Mail & Guardian (3 Jul); Cape Argus (4 Jul); The Mercury (5 Jul)
Wandile Sihlobo	Landbousakekamer	Farming 101 teaches the importance of land ownership to leverage returns	Business Day (9 Jul)
Prof Johann Kirsten	Buro vir Ekonomiese Ondersoek		
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtigheid	The wrong land debate	Business Day (12 Jul)
Prof Anita Bosch	US Bestuurskool	Experienced and new: Managing a multigenerational office crew	Huffington Post (12 Jul)

SKRYWER	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Chris Jones	Praktiese Teologie en Missiologie	Much work to do to achieve Madiba's vision	Cape Argus (13 Jul)
Prof Elmarie Biermann Noëlle van der Waag-Cowling	Instituut vir Kubersekuriteit Strategiese Studies	Mind the gap: Addressing South Africa's cybersecurity skills shortage	Daily Maverick (13 Jul)
Dr Nadia Mans-Kemp & prof Suzette Viviers	Ondernemingsbestuur	Most directors can cope with serving on multiple boards	Business Live (13 Jul)
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	Gratitude (shukur) and friendship (sadaqah) in transacting a 'metaphysics of active presence' in the city	Al Qalam (13 Jul)
Dr Tristen Taylor	Filosofie	ANC sells hope to the voters and ignores reality of its incompetence	Business Live (17 Jul)
Dr Daniel le Roux	Inligtingswetenskap	Many South African jobs could soon be automated, and the country isn't prepared	The Conversation (17 Jul) ; Moneyweb (20 Jul) ; Businesstech (22 Jul) ; Cape Argus (23 Jul)
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Nurture new Nelson Mandelas - a challenge for universities	News24 (18 Jul)
Dr Melike Fourie	Historiese Trauma en Transformasie	Ashwin's distress was a missed chance	Mail & Guardian (20 Jul)
Ruth Solomons, prof Suzette Viviers, dr Nadia Mans-Kemp & Lisa Woker	Ondernemingsbestuur	Reputation dividends of environmental disclosure	Mining Weekly (20 Jul)
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtigheid	How many wives does one need?	News24 (22 Jul)
Dr Hennie Smit	Militêre Geografie	Do soldiers care about the environment? A study in South Africa suggests they do	The Conversation (22 Jul)
Tian Alberts	BCom (Regte)-student	Bevry só met skryf en somme	Rapport (22 Jul)
Prof Mias de Klerk	US Bestuurskool	Lessons in leadership for Ramaphosa from Madiba, Mbeki and Zuma	Business Live (24 Jul)
Dr Marthie Momberg	Beyers Naudé-sentrum vir Publieke Teologie	Israel: ondubbelsinnig ondemokraties	LitNet (24 Jul)
Prof Evangelos Mantzaris	Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrupsie by die Universiteit Stellenbosch (ACCERUS)	Corruption is a Lernaean Hydra – but even scarier	Cape Argus (26 Jul)

SKRYWER	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Amy Slogrove Prof Mary-Ann Davies	Pediatrie en Kindergesondheid Universiteit van Kaapstad	ARVs and children: new research shows the devastating impact of a late start	The Conversation (26 Jul)
Dr Gustav Hendrich	Geskiedenis	A well-deserved comeback for Russia	Weekend Argus (28 Jul)
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	Celebrating the lives and value of educators on retirement	Cape Argus (30 Jul)
Wandile Sihlobo Prof Johann Kirsten	Landbousakekamer Buro vir Ekonomiese Ondersoek	EFF's strategy will destroy the asset value of a large portion of SA's land	Business Live (30 Jul)
Dr Abdul Kader Domingo	Psigiatrie	Use of cannabis should come with a health alert	Cape Argus (1 Aug)
Prof Nuraan Davids	Opvoedingsbeleidstudie	Female principals in South Africa: the dynamics that get in the way of success	The Conversation (1 Aug); The Star (3 Aug); Weekend Argus (4 Aug)
Prof Willem Boshoff	Ekonomie	How SA's competition bill is a threat to investment	Business Live (6 Aug)
Dr Michelle Nel	Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika	Can a regional court be a viable alternative to the ICC in Africa?	The Conversation (6 Aug)
Prof Annika Rudman	Publiekreg	Africa's women still lack access to justice, rights	Cape Argus (7 Aug); Daily News (8 Aug); The Star (10 Aug)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	South Africa may finally be marching towards solutions to sexual violence	The Conversation (8 Aug); The Citizen (9 Aug); IOL (9 Aug); EWN (9 Aug); Sunday Independent (12 Aug); Sunday World (12 Aug)
Prof Juliana Claassens	Ou en Nuwe Testament	Women of SA, 'Get your capes on!'	News24 (9 Aug)
Prof Stephanus Muller	Africa Open	Stanley Glasser: a life of exile and bravely crossing musical boundaries	The Conversation (9 Aug)
Dr Dominique Anderson Dr Alan Christoffels Dr Carmen Swanepoel	Universiteit van Kaapstad Universiteit van Wes-Kaapland Hematologie	How biobanks can help improve the integrity of scientific research	The Conversation (9 Aug)
Prof Bill Nasson	Geskiedenis	Argitek van 'n verenigde SA	Rapport (12 Aug)
Wandile Sihlobo Prof Johann Kirsten	Landbousakekamer Buro vir Ekonomiese Ondersoek	How private sector can supply land in a way that makes reform work	Business Live (13 Aug)
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtheid	Silver lining in the land debate	Business Live (16 Aug)
Wandile Sihlobo Prof Johann Kirsten	Landbousakekamer Buro vir Ekonomiese Ondersoek	Agricultural land headache	The Citizen (16 Aug)

SKRYWER	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Gerhard Kemp	Publiekreg	Innocent civilians, prisoners of war need better protection	Cape Argus (17 Aug)
Dr Mpho Tlale	Publiekreg	South African rural women marginalised in land matters	Daily News (17 Aug)
Dr Chris Jones	Praktiese Teologie en Missiologie	Impunity fuels corruption	City Press (19 Aug)
Dr Azille Coetzee	Filosofie	Invisibility of black women in SA	Cape Times (20 Aug)
Dr Abdul Kader Domingo	Psigiatrie	Could legalising cannabis see South Africans' health going to pot?	Cape Times (20 Aug)
Anje-Marie le Roux	BA (Taal en Kultuur)-student	Taalskande in die onderwys	Netwerk24 (21 Aug)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Don't blame women for leaving fields like engineering. Blame bad attitudes	The Conversation (24 Aug)
Prof Pumla Gobodo-Madikizela	Historiese Trauma en Transformasie	Let us create truly caring institutions	Mail & Guardian (24 Aug)
Prof Thuli Madonsela	Maatskaplike Geregtheid	A national order named for MaSisulu?	News24 (26 Aug)
Dr Lee-Ann Steenkamp	US Bestuurskool	Zero rated VAT items: how South Africa is going about expanding the list	The Conversation (27 Aug) ; The Mercury (29 Aug) ; Pretoria News (29 Aug) ; Cape Times (29 Aug) ; The Citizen (29 Aug)

Rubrieke (18 Mei tot 27 Augustus 2018)

SKRYWER	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Johan Fourie	Ekonomie	Wat ek geleer het deur koerante af te lewer	Rapport (20 Mei)
		The alternative to a state bank	Finweek (24 Mei)
		Cities as a poverty-alleviation tool	Finweek (7 Jun)
		Why vegetarians are from Knysna and meat-eaters from the Karoo	Finweek (5 Jul)
		Making South Africans more productive	Finweek (19 Jul)
		Confusing 'big business' with 'free market'	Finweek (2 Aug)
		En seën die ... robot ... wat die kos gemaak het	Rapport (12 Aug)
		The cost of crime	Finweek (16 Aug)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	AfriForum doen ons 'n onguns	Die Burger (22 Mei)
		DA tussen duiwel en die diepsee	Die Burger (5 Jun)
		Gaan die wet almal gelyk behandel?	Die Burger (19 Jun)
		Ons moet oor rassisme praat	Beeld (3 Jul)
		Onthou Madiba vir versoening	Die Burger (17 Jul)
Wanneer gaan mans opstaan?	Die Burger (14 Aug)		

SKRYWER	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Jonathan Jansen	Opvoedkundige Sielkunde	Puzzled why Ashwin Willemse got offended? Read on	Times Live (24 Mei)
		Yes, education matters – and it pays to have matric, literally	Times Live (31 Mei)
		Why things never fall apart in SA	Times Live (14 Jun)
		No, Zuma was not worse than Verwoerd. But you have the right to say so	Times Live (21 Jun)
		Our filthy, dirty past: We can't pretend we aren't tainted by it	Times Live (5 Jul)
		Education: More a bulldozer than a great leveller	Times Live (12 Jul)
		We all are to blame for not protecting Professor Bongani Mayosi	Times Live (1 Aug)
		Is it time to vote the bums out of power?	Business Live (8 Aug)
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Ons moet reg leer praat oor al die -ismes	Netwerk24 (6 Jun)
		As jy sorg vir opvoeders, sorg jy vir jeug	Die Burger (13 Jun)
		Madiba se visie vir SA nog nie verwesenlik	Die Burger (11 Jul)
		Deernis kan die vlamme van swaarkry blus	Die Burger (1 Aug)
Dr Leslie van Rooi	Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie	Is die lied die probleem?	Die Burger (19 Mei)
		Wat kan ons by Jannie Mouton leer?	Netwerk24 (15 Jun)
		US: Hoe dink 'n mens terug oor 'n eeu?	Netwerk24 (21 Jun)
		Mag ons krities wees oor Madiba se nalatenskap?	Die Burger (14 Jul)
		Hoekom hulle lof besing?	Die Burger (4 Aug)
		So spel-spel vind ons mekaar	Netwerk24 (23 Aug)